

Saak nommer 6/89

E du P

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

MXOLISIE NCAPHAYI

Eerste Appellant

NONTLOPEKO MADOLO

Tweede Appellant

VUZUMSI JACK

Derde Appellant

RICHARD YEBE

Vierde Appellant

ELVIS NELANI

Vyfde Appellant

MAGI SIYOKO

Sesde Appellant

SAMSON BOOYSEN

Sewende Appellant

BENNET SONAMZI

Agste Appellant

enDIE STAAT

Respondent

Coram: HOEXTER, STEYN et F H GROSSKOPF ARR.Verhoordatum:Leweringsdatum:

27 November 1989.

5 April 1990.

U I T S P R A A KF H GROSSKOPF AR:

Ek het die voorreg gehad om die uitspraak van my
amptbroeder STEYN te lees en ek stem saam met sy bevindings
ten aansien van appellante 1 tot en met 7, asook met sy
voorgestelde bevele in paragrawe 1 en 3 ten opsigte van
daardie appellante. Wat appellant 8 (hierna beskuldigde 9
genoem) betref, verskil ek egter met respek van sekere van
sy bevindings, asook van die voorgestelde bevel in paragraaf
2 ingevolge waarvan die appèl van beskuldigde 9 van die hand
gewys moet word.

Vir die redes hieronder uiteengesit, het die
verhoorhof na my oordeel vir beskuldigde 9 ten onregte aan
openbare geweld (aanklag 2) skuldig bevind en moet sy
skuldigbevinding en vonnis op daardie aanklag tersyde gestel
word. Wat aanklag 1 betref, is ek van mening dat beskuldigde
9 tereg aan moord skuldig bevind is, maar vir die redes wat
later volg, is ek egter van oordeel dat die verhoorhof

fouteer het deur te bevind dat daar nie op h oorwig van waarskynlikhede aangetoon is dat daar versagtende omstandighede was nie. Beskuldigde 9 se appèl teen die bevinding dat daar geen versagtende omstandighede by die moord was nie, moet myns insiens dus gehandhaaf word. Dit bring verder mee dat h gepaste vonnis vir die moord oorweeg moet word.

Die Staat se saak van openbare geweld teen beskuldigde 9 berus op die getuienis van sersant Meyer en konstabel Nelani. Nelani betrek beskuldigde 9 egter veel meer by die pleging van die openbare geweld as wat Meyer doen. Volgens Nelani het hy gedurende die namiddag van 24 Desember 1985 die dorpsgebied van Kwezi agterop h bakkie binnegery om die meubels van die oorledene en sy eggenote te gaan oplaai. Sersant Meyer en adjudant-offisier Hattingh het die bakkie in h Landrover gevolg. Die bakkie het naby die ingang van die dorpsgebied stilgehou sodat die Landrover hulle kon inhaal. Terwyl hulle daar wag, het Nelani vir

beskuldigde 9 na die bakkie sien aangeloop kom. Beskuldigde 9 het 'n knopkierie en 'n fluitjie by hom gehad. Hy het by die venster voor in die bakkie ingeloer waar die oorledene se eggenote gesit het. Nelani het beskuldigde 9 gevra of hy hom met iets kan help, maar beskuldigde 9 het nie geantwoord nie. Hy het omgedraai, die fluitjie geblaas en met die kierie al swaaiend weggehardloop. Volgens Nelani was die Landrover op daardie stadium slegs ongeveer 10 tot 12 meter agter hulle en moes Meyer vir beskuldigde 9 gesien het. Meyer maak egter geen melding in sy getuienis van so 'n voorval nie. Daar is geen bewering dat Meyer dit nie gesien het nie, en geen verduideliking waarom hy dit sou verswyg het as hy dit wel gesien het nie.

Nog merkwaardiger is die wesenlike verskille wat daar bestaan tussen die weergawes van Nelani enersyds en Meyer andersyds met betrekking tot die omstandighede waaronder beskuldigde 9 by die oorledene se huis opgedaag het. Volgens Meyer se getuienis het hy en beskuldigde 9

ongeveer gelyktydig by die oorledene se huis aangekom.

Beskuldigde 9 met met 'n knopkierie in die hand uit 'n systraat te voorskyn gekom en in die straat voor die oorledene se huis gedans. Tot sover stem Meyer en Nelani se getuienis ooreen. Nelani getuig egter verder dat beskuldigde 9 aan die voerpunt van 'n groep volgelinge uit die systraat gekom het, en dat die volgelinge vryheidsliedere gesing het en klippe met hulle saamgedra het. Daarvan maak Meyer geen melding nie.

Daar is ook verdere verskille tussen die onderskeie weergawes van Meyer en Nelani. Nelani, het bv. getuig dat Meyer die hele tyd in die Landrover bly sit het, terwyl Meyer self beweer het dat hy buite die Landrover gestaan het toe hulle daar by die oorledene se huis was.

Die Staat het geen verduideliking vir al hierdie botsende weergawes aangebied nie, en na my mening word die betroubaarheid van hierdie getuienis daardeur geaffekteer. Myns insiens kan daar nie sonder behoorlike staving met veiligheid op die weergawe van Nelani gesteun word vir sover

hy beskuldigde 9 by die pleging van openbare geweld betrek
nie. Wat die dansery voor die oorledene se huis betref,
steun Meyer en Nelani mekaar egter oor en weer. Beskuldigde
9 het self ook getuig dat hy met 'n kiere by die oorledene
se huis opgedaag het, maar hy het die dansery voor die huis
ontken. Aangesien Meyer en Nelani mekaar in hierdie opsig
staaf, kan dit egter aanvaar word dat beskuldigde 9 wel so
opgetree het.

Die afleiding kan gemaak word dat beskuldigde 9
deur middel van hierdie dansery voor die oorledene se huis
die skare tot openbare geweld probeer aanhits het, maar na
my mening is dit nie die enigste redelike afleiding wat daar
van al die getuienis gemaak kan word nie. Dit blyk dat
Meyer, Nelani en beskuldigde 9 so te sê gelyktydig by die
oorledene se huis arriveer het. Daarna was beide Meyer en
Nelani vir 'n geruime tyd saam met beskuldigde 9 op die toneel
waar die openbare geweld gepleeg is. Indien beskuldigde 9
inderdaad probeer het om 'n groep oproeriges tot openbare

geweld aan te hits, sou mens een of ander vorm van meer doelgerigte optrede aan sy kant verwag het wat onmiskenbaar daarop sou dui. Nòg Meyer nòg Nelani maak egter enige melding van verdere optrede aan die kant van beskuldigde 9 wat hoegenaamd op openbare geweld dui.

Na my oordeel regverdig die aanvaarbare getuienis nie die afleiding, as enigste redelike afleiding, dat beskuldigde 9 die gemeenskaplike doel gehad het om die oorledene se huis aan te val en aan die brand te steek nie. Die getuienis is na my mening eweneens ontoereikend om tot die gevolgtrekking te kom dat beskuldigde 9 'n medepligtige was wat hom bewustelik met die pleging van die misdaad van openbare geweld verenselwig het, of wat bewustelik hulp verleen het om die pleging van daardie misdaad te bevorder. Beskuldigde 9 se appèl teen sy skuldigbevinding en vonnis op aanklag 2 (openbare geweld) moet gevolglik gehandhaaf word.

Die verhoorhof se skuldigbevinding van beskuldigde 9 aan openbare geweld was sekerlik 'n verswarende faktor wat teen beskuldigde 9 in aanmerking geneem was toe die vraag na

versagtende omstandighede in sy geval oorweeg was. Daardie openbare geweld het die moord van die oorledene voorafgegaan en was immers gerig teen die oorledene, sy huis en sy besittings. Beskuldigde 9 was trouens beskou as een van die hoof aanhitters tot geweld. Waar hierdie skuldigbevinding aan openbare geweld nou wegval, en nie langer by die beoordeling van versagtende omstandighede enige rol speel nie, moet sy posisie heroorweeg word in die lig van die veranderde omstandighede. Die morele verwytbearheid van beskuldigde 9 moet, soos in die geval van die ander appellante wie se doodvonnisse tersyde gestel word, beoordeel word teen die agtergrond van die destydse onrus-situasie in die land, en die toestand van verdeeldheid, spanning en vyandigheid wat ten tye van die pleging van die misdaad in die gemeenskap van Kwezi geheers het. Teen daardie agtergrond was daar na my oordeel ook in die geval van beskuldigde 9 versagtende omstandighede aanwesig en hoef die doodvonnis ook nie in sy geval opgelê te word nie. In die


lig van beskuldigde 9 se ouderdom (hy was 31 jaar oud toe die misdaad gepleeg is), en die rol wat hy by die pleging van die moord gespeel het, sal dit na my mening egter gepas wees om hom 'n lang termyn van gevangenisstraf op te lê. Beskuldigde 9 se doodvonnis op aanklag 1 (moord) moet gevolglik tersyde gestel word en vervang word met 'n vonnis van 18 jaar gevangenisstraf.

Die volgende bevele word derhalwe gemaak:

1. Die appèl van die vierde appellant (beskuldigde 5) slaag en sy skuldigbevindings en vonnisse op albei aanklagte word tersyde gestel;
2. Die appèlle van eerste, tweede, derde, vyfde, sesde, sewende en agste appellante (beskuldigdes 1, 2, 3, 6, 7, 8 en 9) slaag gedeeltelik, en wel soos volg:
 - 2.1 Die skuldigbevindings en vonnisse van eerste, tweede, derde, sesde en agste appellante (beskuldigdes 1, 2, 3, 7 en 9) op die tweede aanklag (openbare geweld) word tersyde gestel;
 - 2.2 Die appèlle van eerste, tweede, derde, vyfde, sesde, sewende en agste appellante (beskuldigdes 1, 2, 3, 6, 7, 8 en 9) teen

hulle skuldigbevidings op die eerste aanklag (moord) word van die hand gewys;

- 2.3 Die appèlle van eerste, derde, sewende en agste appellante (beskuldigdes 1, 3, 8 en 9) teen die bevinding dat daar in hulle gevalle geen versagtende omstandighede by die moord aanwesig was nie, en teen hulle doodvonnisse op die eerste aanklag (moord), slaag. Daardie vonnisse word tersyde gestel en met die volgende vervang:
- 2.3.1 Eerste appellant (beskuldigde 1) - 10 jaar gevangenisstraf;
- 2.3.2 Derde appellant (beskuldigde 3) - 12 jaar gevangenisstraf;
- 2.3.3 Sewende appellant (beskuldigde 8) - 15 jaar gevangenisstraf;
- 2.3.4 Agste appellant (beskuldigde 9) - 18 jaar gevangenisstraf;
- 2.4 Die appèlle van tweede, vyfde en sesde appellante (beskuldigdes 2, 6 en 7) teen die vonnisse van 18 jaar gevangenisstraf aan elkeen van hulle opgelê op die eerste aanklag (moord) slaag. Daardie vonnisse word tersyde gestel en vervang met vonnisse van 10 jaar gevangenisstraf elk.


 F H GROSSKOPF AR.

CG

SAAKNOMMER: 6/89

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈL AFDELING)

In die saak tussen:

<u>MXOLISIE NCAPHAYI</u>	Appellant no 1
<u>NONTLOPEKO MADOLO</u>	Appellant no 2
<u>VUZUMSI JACK</u>	Appellant no 3
<u>RICHARD YEBE</u>	Appellant no 4
<u>ELVIS NELANI</u>	Appellant no 5
<u>MAGI SIYOKO</u>	Appellant no 6
<u>SAMSON BOOYSEN</u>	Appellant no 7
<u>BENNET SONAMZI</u>	Appellant no 8

en

<u>DIE STAAT</u>	Respondent
------------------	------------

CORAM: HOEXTER, STEYN et F H GROSSKOPF, ARR.

AANGEHOOR: 3 en 27 NOVEMBER 1989

GELEWER: 5 APRIL 1990

UITSpraak

STEYN, AR.

Op 4 Mei 1987 het appellante en 'n jong vrou, Nomakula Mnyamana, in die Spesiale Hof te Grahamstad, tereggestaan voor Le Roux Wn.R. en twee assessore, op twee aanklagte, t.w. moord en openbare geweld, wat albei gespruit het uit 'n voorval op die namiddag van 24 Desember 1985 te Kwezi, die swartwoonbuurt by Hanover in die Kaapprovinsie. Ene Martin Holland was, as beskuldigde no 4, saam met hulle aangekla, maar hy was afwesig by die aanvang van die saak en die verhoor het in sy afwesigheid voortgegaan. Hy sou blykbaar later apart verhoor word. Die nommers van die beskuldigdes het egter onveranderd gebly. Appellante 1-3 was onderskeidelik beskuldigdes 1-3 en appellante 4-8, beskuldigdes 5-9. Nomakula Mnyamana was beskuldigde no 10. Geriefshalwe sal steeds na appellante verwys word as beskuldigdes volgens hul bogaande nommers.

Dit is beweer dat die beskuldigdes op voormelde datum en plek vir Albert Nkumbi (die oorledene) vermoor (klagte 1) het en openbare geweld (klagte 2) gepleeg het deur onwettiglik met ander persone te vergader en die oorledene se woonhuis te 68 Kwezi opsetlik met klippe en petrolbomme te beskadig ter uitvoering van 'n gemeenskaplike doel om die openbare vrede en sekuriteit te versteur of inbreuk te maak op die regte van andere. Die klagstaat is aangevul deur nadere besonderhede wat op versoek van die verdediging deur die Staat verskaf is.

Die nege oorblywende beskuldigdes was almal verteenwoordig deur mnre Tshabalala en Mncwabe en het almal op albei aanklagte onskuldig gepleit sonder enige pleitverduidelikings ingevolge art 115 van die Strafproseswet, no 51 van 1977. Na afloop van die verhoor is beskuldigde no 10 (Nomakula Mnyamana) op albei aanklagte onskuldig bevind. Die bevindings t.a.v. die ander beskuldigdes was soos volg:

Beskuuldigdes 1, 2, 3, 7 en 9 skuldig op albei klagtes.

Beskuuldigde no 5 skuldig aan strafbare manslag op klagte 1 en skuldig op klagte 2. Beskuuldigdes 6 en 8 skuldig op klagte 1 en onskuldig op klagte 2.

Dit was gemene saak dat die ouderdomme van dié oorblywende beskuuldigdes (die agt appellante) op 24 Desember 1985 die volgende was.

- 1 - 18 jaar en 10 maande,
- 2 - 19 jaar en 2 maande,
- 3 - 21 jaar,
- 5 - 26 jaar,
- 6 - 19 jaar en 7 maande,
- 7 - 18 jaar (geb op 17/12/1967),
- 8 - 33 jaar, en
- 9 - 31 jaar.

Na aanhoor van getuienis deur mev Evelyn Rasmeni (h onderwyseres op Kwezi), prof Manganyi en dr Simpson, het die hof bevind dat weens hul ouderdomme daar t.a.v. die

moordklag versagtende omstandighede was in die gevalle van beskuldigdes 2, 6 en 7, maar dat geen versagtende omstandighede bewys is t.a.v. beskuldigdes 1, 3, 8 en 9 nie. Die hof het bevind dat beskuldigde no 1 in weerwil van sy jeugdigheid die moord uit inherente boosheid gepleeg het. Op klagte 2 is beskuldigdes 1, 2 en 7 gevonniss tot 5 jaar gevangenisstraf elk en beskuldigdes 3, 5 en 9 tot 6 jaar. Op die moordklag is beskuldigdes 1, 3, 8 en 9 ter dood veroordeel; beskuldigdes 2, 6 en 7 is elk gevonniss tot 18 jaar gevangenisstraf en beskuldigde 5 tot 5 jaar (vir strafbare manslag), welke vonnisse van gevangenisstraf saamlopend uitgedien moet word met dié opgelê t.a.v. klagte 2. Die beskuldigdes het aansoek gedoen om verlof om te appelleer teen hul skuldigbevindings en vonnisse en dat h spesiale aantekening op die oorkonde aangebring word ingevolge art 317 (1) van die Strafproseswet, no 51 van 1977, en om kondonasie van hul versuim om dié aansoeke betyds te

doen. Die aansoeke is aangehoor op 11 April 1988. Die aansoek om kondonاسie is toegestaan t.a.v. verloff om teen die skuldigbevindings en vonnisse te appelleer maar geweier t.a.v. die spesiale aantekening. Verloff is daarna toegestaan aan beskuldigde no 1 om teen die doodvonniss aan hom opgelê te appelleer (en gevolglik ook teen die bevinding dat daar in sy geval geen versagtende omstandighede was nie). Origens is die aansoeke om verloff om te appelleer op die meriete geweier. Ek handel later met die gronde vir en verloop van sake t.a.v. die aangevraagde spesiale aantekening. Met verloff van hierdie Hof appelleer die beskuldigdes nou teen hul skuldigbevindings en vonnisse op albei klagtes (en derhalwe ook in die gevalle van beskuldigdes 1, 3, 8 en 9, teen die bevinding dat daar, wat hulle betref, geen versagtende omstandighede was nie).

Tydens die verhoor op die meriete het agt persone namens die Staat getuig. Drie van hulle was lede

van die Suid-Afrikaanse Polisie op Hanover, te wete sers Anton Michael Meyer, wat tydelik op Hanover diens gedoen het, en konstabels D M Nelani en Petrus Booysen. Die ander staatsgetuies was dr Renier Basson, distriksgeneesheer vir Richmond en Hanover; Richard Mhlaba, Betty Nkumbi (oorledene se vrou) en Charlotte en William Nkumbi (onderskeidelik h suster en h broer van die oorledene), almal van Kwezi. (Laasgenoemde drie getuies sal hierna slegs by hul voorname genoem word.) Al die beskuldigdes het getuig, asook twee ander persone, t.w. "Shorty" Jantjies van De Aar (namens beskuldigde no 7) en April Favour van Kwezi (namens beskuldigde no 8).

Uit die erkende en onbetwiste feite blyk die volgende. Kwezi is h klein gemeenskappie waarvan die meeste lede aan mekaar bekend is. As gevolg van die wydverspreide onrus in die RSA gedurende 1985 het daar ook onderlinge onenigheid en selfs vyandigheid ontstaan tussen die inwoners van Kwezi en is verskeie woonhuise

aldaar afgebrand. As gevolg daarvan het die gewese voorsitter van die Kwezi bestuurskomitee (ook die "burgemeester" genoem), ene Mhlaba, met sy volgelinge uit die swartwoonbuurt uitgewyk na 'n gebied nader aan die blanke dorp waar hulle in tente gehuisves is en onder polisie beskerming geplaas is. Dié gebied het as die "tentedorp" bekend geword en die inwoners daarvan as die "tentemense". Onder die inwoners wat in Kwezi agtergebly het was 'n groep wat as die "Comrades" bekend was. Die 25 jarige oorledene was 'n vriend van die "oud-burgemeester", maar aanvanklik het hy en sy familie nie ook na die tentedorp verskuif nie. Sy vrou, Betty, het steeds bly woon in hul woonhuis te 68 Kwezi. Oorledene was werksaam op Secunda in die Oos-Transvaal en het slegs gedurende vakansietye huis toe gekom. In Desember 1985 het hy oudergewoonte huis toe gegaan. Hy het toe besluit om ook na die tentedorp te verhuis. Op die namiddag van Dinsdag, 24 Desember 1985, tussen 16h00 en 17h00, het

sers Meyer, konstabel Nelani en adjudant-offisier Hattingh, ook van die SA Polisie op Hanover, op versoek van oorledene en sy vrou, met 'n Landrover en 'n bakkie na oorledene se woning in Kwezi gegaan om hulle behulpzaam te wees met die verskuiwing van hul besittings na die tentedorp. Met hul aankoms was daar reeds 'n groep van ±50 mense in die straat voor die huis.

Terwyl hulle besig was om van oorledene se meubels in die straat op die bakkie te laai het die skare vinnig aangegroei. Konstabel Nelani het toe vertrek met die volgelaaide bakkie na die tentedorp. Kort daarna het Hattingh en Meyer ook vertrek om versterkings te gaan haal. Oorledene en sy vrou is by hul huis agtergelaat sonder enige polisiebeskerming. Persone in die skare het hul huis aangeval met klippe en aan die brand gesteek. Skade ten bedrae van R8 000,00 is daardeur aan die huis en die oorblywende inhoud daarvan berokken. Oorledene het uit die huis gevlug en weggehardloop gevolg op baie

kort afstand deur sy broer William, wat by die oorledene se huis opgedaag het net toe oorledene daaruit padgegee het. Hulle is gevolg deur 'n gedeelte van die skare wat hulle met klippe bestook het. Van dié agtervolgers het ook geskree dat oorledene gestop moet word. Uiteindelik - toe oorledene en William reeds buite Kwezi was op pad na die tentedorp - is oorledene neergevel deur 'n klip gegooi deur 'n persoon wat van vooraf te voorskyn gekom het. In William se onmiddellike teenwoordigheid is oorledene verder aangerand deur dié klipgooier en ook deur sekere van die voormelde agtervolgers, o.a. met klippe en skerp instrumente, soos bv pangas, terwyl hy op die grond gelê het. Toe dié aanranding nog aan die gang was het William vertrek nadat hy deur 'n vrou daarop attent gemaak is dat hy aan die rug gewond is, iets waarvan hy algeheel onbewus was. (Dit was 'n steekwond waarvoor hy dieselfde aand op Richmond behandel is en wat chirurgies geheg moes word.)

Kort na William se vertrek het sers Meyer die oorledene gevind; hy was nog lewendig en het op sy maag alleen in die veld gelê ongeveer 20 m van die naaste Kwezi woonhuise af. Om hom het 17 klippe van verskillende groottes gelê; meeste van hulle had skerp kante of hoeke, en van hulle was met bloed bevlek. (Hulle is deur Sers Meyer bymekaar gemaak en is tydens die verhoor deur hom ingehandig as Bewysstuk 1.) Meyer het die oorledene in die polisievoertuig van die toneel verwyder en hom laat neem na dr Basson se spreekkamer in Hanover waar hy in 'n sterwende toestand deur die geneesheer ontvang is. (dr Basson het gewoon en gepraktiseer op Richmond maar het ook op Hanover 'n spreekkamer gehad waarheen hy twee keer per week gegaan het. Hy was op die punt om na Richmond te vertrek toe die oorledene na hom gebring is.) Daar was nie voldoende fasiliteite op Hanover om die oorledene enigsins effektief te behandel nie en dr Basson het hom onverwylde

per ambulans na die hospitaal op Richmond laat vervoer en het in sy eie voertuig saam gery. Oorledene het egter op pad soontoe gesterf; hy was in werklikheid reeds reddeloos toe dr Basson hom op Hanover ontvang het.

Op die volgende dag, kersdag, 25 Desember 1985, is 'n vergadering gehou in die A.M.E. Kerk in Kwezi, waarvan ene eerw Tini die voorsitter was en waarop die aanval op oorledene se huis en sy dood bespreek is. Betty, Charlotte en William was ook daarop teenwoordig.

Op 27 Desember 1985 het dr Basson 'n lykskouing op oorledene uitgevoer en 'n nadoodse verslag opgestel wat hy bevestig en ingehandig het. Dit is Bewysstuk A. Die oorsaak van oorledene se dood was "skok weens bloedverlies weens veelvuldige beserings". Die oorledene was soos volg beseer. Skaaf- en kneuswonde aan sy gesig, aan die agterkant van sy regter skouer en van albei hande, asook aan die voorkant van albei bene. Die palms van albei hande en al die vingerpunte was vol klein

oppervlakkige laserasies, en daar was n fraktuur van die linker middelvinger. Daar was 17 diep laserasies (almal kaphoue) aan die gesig en kop, sommige waarvan deur die skedelbeen gedring het met onderliggende bloedings van die breinweefsel. Dié aan die gesig was soos volg. Tussen die oë, aan die bokant van die neusbrug, was n 2 cm x 3 cm laserasie wat nie deur die skedel is nie. Aan die linker voorkop was daar egter n 2 cm x 2 cm laserasie wat die skedel deurdring het, en aan die linkerwang n 3 cm-diep laserasie wat die wangbeen deurboor het en die linker maksillêre sinus vernietig het.

Die kaphoue op die ander dele van oorledene se kop wat ook die skedel deurdring het, was só geleë - een elk agter die regter en linker ore, een aan die linker agterkop en een bo-op die kop. Aan die regterkant van oorledene se rug (aan die agterkant van sy borskas) was ook drie diep kaphoue (elkeen 3 cm x 4 cm en 5 cm diep) wat deur die 9de, 10de en 11de tussen-rib spasies gegaan

het, groot bloedvate afgesny het en aldrie tot binne-in die lewer ingedring het. Die deursnyding van die bloedvate het erge bloedverlies tot gevolg gehad. Hierdie drie verwondings was die hoof oorsaak van die dood, maar die kaphoue wat die skedel deurdring het was bydraende oorsake daarvan. Volgens Dr Basson was die ergste aanranding aan die agterkant van oorledene se liggaam en was die kaphoue wat die lewer binnegedring het toegedien met 'n voorwerp wat 'n groot lem had, soos bv 'n panga. Die ander kaphoue is insgelyks toegedien met skerp voorwerpe soos messe of klippe met skerp kante. Oorledene se gebreekte vinger en beserings aan sy hande en vingerpunte was aanduidend van pogings deur hom om houe af te weer en kruipend van sy aanranders weg te kom. Dr Basson se gevolgtrekking t.a.v. die aard van die aanranding op oorledene en die oogmerk van sy aanranders, was die volgende:

"... dit was een van die ergste tipe

aanrandings toegedien op 'n mens wat ek nog gesien het in hierdie tydperk wat ek distriksgeneesheer was, en dit is - 'n mens kry die idee dat dit aanhoudend met brutale geweld toegedien is. Die hoofdoel van die geweld wat toegedien is, is om hierdie man te vernietig, met ander woorde, om hom dood te maak. Hierdie gevolgtrekking word bevestig deur die veelvuldige aard van die beserings wat opgelet is en ook deur die mate van geweld wat gebruik is [en] daardie houe wat toegedien is, om dit te veroorsaak."

Hierdie gevolgtrekking en dr Basson se bevindings en getuienis as geheel, is nie deur die verdediging betwis nie.

Dit is uit hoofde van die voorgaande duidelik dat sekere persone inderdaad openbare geweld gepleeg het, en oorledene vermoor het met die direkte opset om te dood. Dit was trouens gemene saak tussen die Staat en die verdediging, soos blyk uit die volgende passasie in die uitspraak:

"The issue in this case is one of identity. At the outset of his argument, Counsel for the accused stated that it was common cause:

(a) That on 24th December, 1985 a crowd of

people assaulted the deceased with the common purpose intentionally to kill him.

- (b) That on the same day at Kwezi location, persons assembled unlawfully with the common intent forcibly to disturb the public peace or security or to invade the rights of other persons; and that these people acted in concert unlawfully and intentionally damaging the house of Albert Nkumbi by stoning and petrol bombing the said house.

We agree with Counsel.

Counsel also submitted that having regard to all the evidence the State failed to prove that any one of the accused participated in these acts."

Die korrektheid van daardie opmerkings is tereg nie tydens die beredering van hierdie appèl bevraagteken nie.

Die kernvraag is gevolglik wie by die voorval as daders of medepligtiges betrokke was.

Sekere van die beskuldigdes is enersyds deur Betty en Charlotte as sulks betrek by die aanval op oorledene se huis en andersyds deur Betty, William en Konstabel Nelani by die aanranding op oorledene nadat hy van sy huis af aan die weghardloop was. Die beskuldigdes

het almal egter ontken dat hulle enigsins die huis aangeval of oorledene aangerand het. Beskuldigde no 1 het beweer dat hy daardie middag n passasier was in n voertuig deur Richard Mhlaba (nie die "oud-burgemeester" nie) bestuur, en dat dié hom op sy versoek in die omgewing van die oorledene se huis afgelaai het. Hy wou na sy vriendin gaan. Hy het n skare gesien wat naby die oorledene se huis vergader het maar het ontken dat hy soontoe wou gaan of gegaan het of geweet het waarom hulle daar vergader het. Hy het na sy vriendin gaan seek wat in n nabygeleë huis gewoon het. Sy was nie tuis nie en hy het toe huistoe gegaan en daar gebly. Hy het beweer dat die skare niks gedoen het terwyl hulle in sy sig was nie, en dat hy niks met die voorval te doen gehad het nie. Beskuldigdes 2, 3, 6 en 9 het weliswaar erken dat hulle daardie middag in die straat voor oorledene se huis was terwyl n skare daar vergader het, maar het ontken dat die skare dreigend was of enigiets onwettigs gedoen het

terwyl hulle daar was. Hulle het almal beweer dat hulle weer daarvandaan wegbeweeg het terwyl die skare nog heel vreedsaam daar verkeer het en dat hulle ook niks met die voorval te doen gehad het nie. Beskuldigde no 5 het beweer dat hy op 24 Desember 1985 twee kamers in sy huis uitgeverf het en hom daarna tuis so dronk gedrink het met drank deur sy vrou verskaf dat hy sy bewussyn verloor het en eers die volgende oggend, nog steeds ten volle gekleed, op sy bed wakker geword het, en niks met die voorval te doen gehad het nie. Beskuldigdes 7 en 8 het albei ook beweer dat hulle niks daarmee te doen gehad het nie. Albei het beweer dat hulle tydens die voorval nie op Hanover was nie. Beskuldigde no 7 het beweer dat hy gedurende die tydperk 21-27 Desember 1985 by ene "Shorty" Jantjies op De Aar gekuier het, en dié het sy bewering bevestig. Beskuldigde no 8 het beweer dat hy en sy vrou op 23 Desember 1985 na De Aar was om kers-inkopies te doen en op die nag van 23-24 Desember oornag het by die

suster van ene April Favour, nadat hulle nie daarin kon slaag om h geleentheid terug na Hanover te kry nie. Beskuldigde no 8 het voorts beweer dat hy, sy vrou en April Favour die hele volgende dag gepoog het om so h geleentheid te kry maar eers om ongeveer 19h00 op 24 Desember daarin geslaag het, toe hy en sy vrou en April Favour gelyktydig in aparte voertuie opgelaai is. Hulle het eers om ongeveer 20h00 daardie aand in Hanover teruggekom. April Favour het hierdie bewerings gestaaf.

Die verhoorhof het die getuienis van William en konstabel Nelani aanvaar. Die getuienis van Betty en Charlotte is met groot omsigtigheid benader maar is nogtans aanvaar waar dit deur ander betroubare getuienis gestaaf is. Die getuienis van sers Meyer aangaande die teenwoordigheid van sekere van die beskuldigdes in die skare by oorledene se huis is ook aanvaar. Die weergawes van appellante en die twee ander verdedigingsgetuies is egter verwerp. Beskuldigde no 10, wat ook ontken het dat

sy daardie middag by oorledene se huis was, is onskuldig bevind o.a omdat Betty se getuienis dat sy wel daar was nie gestaaf is nie. (Betty het egter nie beweer dat beskuldigde no 10 ook aan die aanval op oorledene se huis deelgeneem het nie.) Beskuldigde no 6 is onskuldig gevind op die tweede aanklag in weerwil van sy erkenning dat hy op die toneel was. Die redes daarvoor is soos volg in die uitspraak uiteengesit:

"As far as accused no. 6 is concerned, Counsel conceded that he was a hopeless witness. So much so that in re-examination Counsel had to elicit evidence that he was unintelligent.

Accused no. 6 placed himself on the scene at the house. He also saw nobody there whom he recognised except Constable Nelani. He tried to discredit Nelani but Nelani's evidence took his participation in the crime no further than he himself did. There is no evidence that accused no. 6 did anything at the house but play his tape recorder. Betty originally testified that accused no.'s 10 and 6 picked up stones, but did not adhere to that evidence during cross-examination. She only saw accused no. 6 there and she puts him inside the yard. Her evidence in this regard is uncorroborated and we are not prepared to find that accused no. 6 was inside the yard. The possibility of

mistaken identity in his case is too great. He was, however, at the scene of the killing. Both Betty and William saw him there. His evidence that he left the scene at the house to go back to his home is rejected. Had he been an innocent bystander it is most improbable that he would have left this unusual scene. The whole incident could not have lasted more than a couple of minutes. His evidence about his meeting with his father and subsequent events are totally unconvincing. Neither his father nor his mother gave evidence on his behalf.

We considered whether the fact that he took part in the assault on the deceased is not sufficient evidence to draw an inference that he made common cause with the crowd at the house. It is, however, possible that he only decided to join in when the chase started.

In this regard Mr. Tshabalala referred us to the case of R v CELE & OTHERS, 1958(1) S.A. p. 144 (N) at p. 153 B to C."

Die verhoorhof het om die volgende redes Betty en Charlotte se getuienis met sulke omsigtigheid benader. Hulle het hulself en mekaar in sekere materiële opsigte weerspreek en daar is ook verskille tussen hulle weergawes en dié van sers Meyer en konst Nelani en in Betty se geval ook dié van William. Die hoofrede vir die

hof se houding was egter die feit dat daar klaarblyklik wesenlike verskille was tussen hulle getuienis en sekere belangrike nadere besonderhede tot die klagstaat wat ongetwyfeld van hul polisieverklarings afkomstig was.

(Dit is onnodig vir doeleindes hiervan om daardie verskille uiteen te sit.) Dit was gevolglik duidelik dat daar belangrike verskille was (soos bedoel in S v XABA 1983 (3) SA 717 (A) 729) tussen hulle getuienis en daardie verklarings. In weerwil daarvan het die staatsaanklaer nie gemelde verklarings aan die verdediging beskikbaar gestel nie. In die uitspraak is die volgende daaromtrent gesê:

"Far more serious is the discrepancy between their evidence regarding the actions of accused no.'s 5 and 7 and the further particulars and the discrepancy between their evidence regarding the stoning of the house and Meyer's evidence that no stoning took place in his presence.

As to the first, one must accept that either one or both, in their original police statements, attributed the throwing of the stone onto the dressing table to accused no. 5.

The fact that both now say that accused no. 7 acted in that way, tends to indicate some collusion or discussion. One would have expected the State Prosecutor to disclose a material divergence from the witnesses' statements. He, however, informed the Court that he had not compared the original statements with the Further Particulars.

He said in addition that there was no material departure by the witnesses from the statements taken from them in Grahamstown prior to the trial. According to him the latter statements were taken because of the incompleteness of the original statements.

In our view this communication does not assist the State at all. No evidence was led to clarify this aspect and we are left with a doubt as to the credibility of these two witnesses. This is one of the reasons why we should scrutinize their evidence against all the accused with great caution."

(Slegs n paar verskille is hier genoem. Hulle is egter aanduidend van die aard van meeste van die ander, ongenoemde, verskille.)

Appellante se aansoek om die aanbring van voormelde spesiale aantekening is gegrond op die verhoorhof se besluit om Betty en Charlotte se getuienis in aanmerking te neem in weerwil van die staatsaanklaer

se versuim om hul vorige verklarings aan die verdediging beskikbaar te stel. By die beredenering van die appèl het mnr Tyler, wat namens die Staat opgetree het, betoog dat geen verlof deur hierdie Hof verleen was aan die beskuldigdes om die spesiale aantekening aan te bring nie en dat dit gevolglik nie geopper kan word nie. In die alternatief het hy betoog dat dié aantekening nooit op die oorkonde aangebring is nie en dat daar geen kennisgewing van appèl daaromtrent is nie. Mnr Melunsky, wat, bygestaan deur mnr Tshabalala, die appèl namens appellante beredeneer het, se teenbetoog was dat verlof wel deur hierdie Hof toegestaan is om die spesiale aantekening aan te bring en alternatiewelik, dat die onreëlmatigheid waarteen die aantekening gemik is, so duidelik is *ex facie* die oorkonde dat dit nie nodig was om die aantekening formeel te doen nie.

Die appèl is aanvanklik beredeneer op 3 November 1989 maar is weens gebrek aan tyd uitgestel tot

27 November terwyl mnr Tyler nog aan die woord was. By hervatting op laasgenoemde datum het hy sy beswaar t.a.v. die spesiale aantekening tereg laat vaar. Ek het insae gehad in die aansoek na hierdie Hof om verlof om te appelleer. Daarin is ook pertinent aansoek gedoen om kondonاسie van bogenoemde versuim en om die aanbring van die spesiale aantekening. Ten aansien van al die voormelde aansoeke is algemene en ongekwalifiseerde verlof verleen om te appelleer teen die skuldigbevindings en vonnisse.

By die voormelde aansoek aan hierdie Hof is die aansoek aan die verhoorhof ook ingesluit as n aanhangsel. In laasgenoemde word die onreëlmatigheid waarop die aangevraagde spesiale aantekening gegrond was, só geformuleer:

"... the failure of the State Counsel to disclose State witnesses' statements when they differed from the evidence ..."

Die motivering van dié aansoek lui o.m. so:

"...the evidence of State witnesses differed materially from the further particulars furnished by the State.

... in view of the foregoing one would have expected State Counsel to disclose a material divergence from the witnesses' statements.

It is submitted that failure by the State Counsel to disclose the statements not only affected the credibility of the State witnesses but amounted to a failure of justice."

In die aansoek aan hierdie Hof is die volgende verder daaroor gesê:

"It is further submitted that merely drawing unfavourable inferences against witnesses does not serve to cure the irregularity as actual cross-examination of witnesses on their statements might lead the court to reject the witnesses' testimony in toto."

Die betrokke onreëlmatigheid is, soos reeds genoem, duidelik ex facie die oorkonde van die saak, en die grondslag van appellante se beswaar daarteen is ook duidelik geformuleer in die voormelde aansoeke. In die lig van die aard en omvang van die verlof aan appellante deur hierdie Hof verleen, is dit na my oordeel duidelik dat die voormelde onreëlmatigheid daarby ingesluit is;

m.a.w. dat die kondonاسie wat ten aansien daarvan aangevra is, aan appellante verleen is en dat verlof aan hulle verleen is om ook teen daardie onreëlmatigheid te appelleer. Dit was gevolglik onnodig om n spesiale aantekening daaromtrent aan te bring. R v NZIMANDE 1957 (3) SA 772 (A) 773-774; R v JANTJIES 1958 (2) SA 273 (A) 275 A-B; S v XABA, supra, op 731 H.

In sy uitspraak t.a.v. die aansoek om kondonاسie en verlof om te appelleer, het die geleerde regter o.m. die volgende gesê aangaande vermelde onreëlmatigheid.

"S v XABA 1983 (3) SA 717 (AD) makes it clear that the failure of the State prosecutor to disclose prior inconsistent statements amounts to an irregularity. Although the State prosecutor gave us the assurance that no serious discrepancies appeared from the statements he had taken, one must accept, because of the difference between the evidence and the further particulars, that there are discrepancies between the police statements and the evidence. There was no request at the trial for the state prosecutor to obtain and disclose those statements. However, the

possible discrepancies were fully debated insofar as these witnesses were cross-examined on the differences between their evidence and the further particulars.

I cannot speculate at this stage as to what would have happened had those statements been disclosed, but because of these discrepancies, we drew an unfavourable inference against the two State witnesses Charlotte and Betty."

Mnr Tyler (wat nie in die verhoor opgetree het nie) het betoog dat dit aanvaar kan word dat Betty en Charlotte van hul polisieverklarings afgewyk het slegs in die opsigte waarin hulle getuienis van die nadere besonderhede verskil het. Hy het voorts betoog dat hulle t.a.v. al daardie verskille deur die verdediging ondervra is en dat die beskuldigdes gevolglik nie wesenlik benadeel is deur die versuim van die destydse aanklaer om dié twee getuies se gemelde verklarings aan die verdediging beskikbaar te stel nie. Die benadering van die verhoorhof was derhalwe nie verkeerd nie. Dié betoog gaan nie op nie. Dit is blote spekulasie, en dus gevaarlik, om te aanvaar dat daar geen ander afwykings

tussen die getuienis van Betty en Charlotte en hul polisieverklarings is nie, en ook om te aanvaar dat hulle genoegsaam kruisondervra is op die verskille wat soos voormeld aan die lig gekom het. Daardie verskille is wesenlik en dit moes vir die aanklaer duidelik gewees het dat hul bron dié twee getuies se oorspronklike verklarings was. Die plig van 'n aanklaer in só 'n geval behoort nou reeds welbekend te wees omdat dit al meermale in duidelike terme oor vele jare deur hierdie Hof uiteengesit is. 'n Aanklaer moet die vorige verklaring van die betrokke getuie aan die verdediging beskikbaar stel sodat die geloofwaardigheid van die getuie behoorlik getoets kan word deur kruisondervraging met behulp van daardie verklaring. In gevalle soos die onderhawige waar dit aan die lig kom dat die wesenlike verskille tussen 'n getuie se weergawe in die hof en nadere besonderhede tot die klagstaat, te wyte moet wees aan afwykings tussen die getuie se oorspronklike verklaring en sy getuienis tydens

die verhoor, is h aanklaer nie van sy voormelde plig onthef deur sonder goeie rede te versuim om daardie verklaring na te gaan en met die betrokke nadere besonderhede te vergelyk nie. So h versuim sou ten minste op nalatigheid neerkom, en hy kan nie toegelaat word om ten nadele van h beskuldigde agter sy eie nalatigheid te skuil nie. h Aanklaer is ook nie van daardie plig onthef deur eenvoudig die standpunt in te neem dat daar geen verskil is tussen die getuie se latere verklaring en sy weergawe in die hof nie. In só h geval bly staan die afwyking tussen daardie weergawe en die nadere besonderhede, en is dit dan ook duidelik dat die getuie minstens twee verskillende verklarings afgelê het. Blote onvolledigheid van h vorige verklaring verduidelik ook nie werklik wesenlike verskille tussen die feitebewerings wat wel in so h onvolledige verklaring vervat is en dié in die getuie se latere verklaring en getuienis nie. In so h geval (waar daar twee botsende

verklarings is) is dit die plig van h aanklaer om albei verklarings aan die verdediging te openbaar en beskikbaar te stel. Afwesigheid van h versoek deur die verdediging om beskikbaarstelling van die afwykende verklaring (en, waar dit die geval is, van onderling botsende verklarings), onthef h aanklaer allermins van sy voormelde plig tensy die verdediging bv. bewus gemaak is van die bestaan van sulke verklarings en te kenne gegee het dat beskikbaarstelling daarvan nie verlang word nie. Dit was nie in die onderhawige saak die geval nie.

Geen rede is verstrek vir die aanklaer se versuim om die vorige verklarings van Betty en Charlotte na te gaan en met die betrokke nadere besonderhede te vergelyk nie. Hierdie ontstellende verskynsel noop my om die onlangse samevatting van daardie plig en die bondige uiteensetting van die grondslag daarvan deur Botha AR. in S v XABA, supra, op 728-729 te herhaal in die hoop dat dit sodoende beter inslag onder regslui sal vind as wat

blykbaar tot nog toe die geval was. Dit lui so:

"It is clear, therefore, that when a State witness gives evidence from which a serious discrepancy emerges between that evidence and a prior statement made by the witness to the police, the prosecutor has no choice; he is obliged to disclose that fact and apart from special circumstances which are not relevant here, to make the statement available to the defence for the purposes of cross-examination of the witness. It is equally clear that a prosecutor's duty of disclosure in these circumstances is one of the rules or principles of procedure which must be adhered to in a criminal trial in order to ensure that the accused has a fair trial and that justice is done.

It follows that the failure of a prosecutor to observe this duty is an irregularity in the proceedings for the purposes of s. 317 (1) of the Act. ...

It must be borne in mind that the rationale of the rule requiring disclosure of a previous inconsistent statement is to provide a safeguard against the danger of an accused being convicted on the evidence of a witness who is not a credible and reliable witness."

Daar is in die onderhawige geval geen suggestie van enige spesiale omstandighede wat die nie-openbaarmaking van die betrokke verklarings sou kon regverdig het nie. Die versuim van die aanklaer om die aanvanklike en latere verklarings van Betty en Charlotte aan die verdediging beskikbaar te stel, was gevolglik 'n materiële onreëlmatigheid in die verrigtinge.

Dit is egter moeilik om vas te stel presies wat die geleerde regter se beskouing daaromtrent was. Dit wil my egter voorkom (ook op grond van wat hy gesê het in die hierbo aangehaalde passasie in sy uitspraak t.a.v. die aansoek om verlof om te appelleer), dat dit die volgende was. Daar was inderdaad verskille tussen Betty en Charlotte se getuienis en die nadere besonderhede tot die klagstaat, en daardie verskille was klaarblyklik afkomstig van hul oorspronklike verklarings. Daar was egter geen versoek deur die verdediging om openbaarmaking en beskikbaarstelling van daardie verklarings nie. Die

moontlike verskille ("possible discrepancies") tussen die gemelde verklarings en die nadere besonderhede was ten volle gedebatteer ("were fully debated") in dié mate dat Betty en Charlotte kruisondervra was oor dié verskille, en daar kan nie gespekuleer word oor wat sou gebeur het as die verklarings geopenbaar was nie. Hierdie oorwegings affekteer die geloofwaardigheid van dié twee getuies tot so 'n mate dat die hof genoop is om hul weergawes met omsigtigheid te benader. Maar hulle getuienis kan, met daardie voorbehoud, nogtans saam met die ander gelewerde getuienis in aanmerking geneem word. Dit is dan ook wat die verhoorhof gedoen het. Hierdie beskouing is foutief en die geleerde regter het daardeur 'n regsdwaling begaan en hom op die feite wesenlik wanvoorgelig. Sonder om te weet wat in die oorspronklike verklarings staan is dit onmoontlik om te kan sê dat die gemelde verskille "ten volle gedebatteer" is deur middel van dié mate van kruisondervraging waartoe die

verdediging in staat was met die beperkte middele tot hul beskikking. Juis omdat daar nie gespekuleer kan word oor wat sou gebeur het (d.w.s. hoe o.a. die kruisondervraging van die getuies sou verloop het) indien die betrokke verklarings beskikbaar gestel was aan die verdediging nie, was dit onmoontlik om te kon bevind dat die getuienis van Betty en Charlotte enigsins aanvaarbaar was. Die redelike moontlikheid kan nie uitgesluit word dat hul geloofwaardigheid vernietig kon word d.m.v. kruisondervraging met behulp van daardie verklarings nie. Hul getuienis behoort gevolglik geheel en al buite rekening gelaat te gewees het by oorweging van die vraag of die Staat daarin geslaag het om die skuld van die beskuldigdes bo redelike twyfel te bewys. Deur dit nie te doen het nie het die geleerde regter 'n wesenlike regsdwaling begaan. Die wyse waarop die aangeleentheid nou benader moet word is ook deur Botha AR. uiteengesit in S v XABA, supra, op 735-736. Onder die omstandighede

meen ek dit is gepas om dit ook te herhaal. Dit lui só:

"In considering the appeal regard must be had to the proviso to s. 322 (1) of the Act, in terms of which the accused's convictions and sentences are not to be set aside by reason of the irregularity unless it appears to this Court that a failure of justice has in fact resulted from the irregularity. The irregularity in question here is not of the kind that *per se* vitiated the proceedings as in S v MOODIE 1961 (4) SA 752 (A); it is of the kind, as in S v NAIDOO 1962 (4) SA 348 (A), which requires consideration of the question whether on the evidence and credibility findings unaffected by the irregularity there was proof of the accused's guilt beyond reasonable doubt in accordance with the test laid down in S v YUSUF 1968 (2) SA 52 (A) at 57 C-D (See MASINDA'S case, *supra*, [S v MASINDA EN h ANDER 1981 (3) SA 1157 (A)] at 1162D-1163C)."

Die geleerde regter moes ook hierdie benadering gevolg het.

Ek handel nou met die oorblywende (d.w.s. die "onaangetaste") getuienis, en sal begin met dié t.a.v. die tweede aanklag omdat dit betrekking het op die voorspel tot die moordklag. Soos reeds genoem, is beskuldigdes 1, 2, 3, 5, 7 en 9 op hierdie klag skuldig

bevind. Beskuldigdes 2, 3 en 9 het trouens erken dat hulle by of naby die skare voor oorledene se huis was. Mnr Tyler het nietemin toegegee dat beskuldigdes 1, 2, 3, 5 en 7 nie op die oorblywende getuienis aan openbare geweld skuldig bevind kan word nie. Hy het egter betoog dat die skuld van beskuldigde no 9 op klag 2 steeds op dié getuienis bo redelike twyfel bewys is.

In weerwil van mnr Tyler se toegewing t.a.v. beskuldigdes 1, 2, 3, 5 en 7, handel ek kortliks ook met die getuienis teen dié vyf beskuldigdes op die tweede aanklag om sodoende die verloop van die gebeure behoorlik kronologies in perspektief te stel en omdat daardie getuienis ook van belang is op die moordklag.

Richard Mhlaba het getuig dat terwyl hy met beskuldigde no 1, Mxolisie Ncaphayi, as passasier in sy voertuig om ongeveer 16h45-16h50 op 24 Desember 1985, op pad terug was van 'n sekere winkel, hulle 'n skare voor oorledene se huis opgemerk het; dit was nie 'n vreedsame

skare nie; daar is bv na oorledene se huis deur hulle geskree dat "hy moet uitkom". Hy en beskuldigde no 1 het mekaar afgevra wat daar aan die gang is. Beskuldigde no 1 het hom versoek om stil te hou omdat hy "soontoe wou gaan", beduiende na die skare. Hy het stilgehou. Beskuldigde no 1 het uitgeklim en vinnig in die rigting van die skare aangestap. Richard Mhlaba het toe aangery huis toe, maar nie by die skare verby nie. Weens die houding en gedrag van die skare sou hy nie gewaag het om sy voertuig naby hulle te bring nie. Beskuldigde no 1 was reeds verby die ingange na sy vriendin se woning en was steeds op pad na die skare, toe hy uit Richard se gesig verdwyn het.

Richard Mhlaba is gestaaf deur 'n verklaring wat beskuldigde no 1 op 29 Desember 1985 aan sersant Meyer gemaak het. Die toelaatbaarheid van dié verklaring is betwis. Na 'n tussenverhoor het die hof egter beslis dat dit toelaatbaar is. Dit is bewysstuk C. Die korrektheid

van daardie beslissing is nie voor hierdie Hof betwis
nie. Dié verklaring lui só:

"Op 1985-12-24 om ongeveer 17h00 het ek [en] Swartman Richard Mahlaba vanaf Pops motorhawe gekom na my ma se huis te 202 Kwezi, Hanover (K). By die E M E kerk te Kwezi woonbuurt het ek [en] Swartman Richard Mahlaba 'n groot groep mense in die straat gesien, voor swartman Albert Nkumbi se huis, asook 'n Land Rover patrolliewa en 'n 1400 Datsun bakkie. Swartman Richard Mahlaba het toe sy motorkar gaan bêre en ek het langs die kerk bly staan.

Ek het later gesien dat die Land Rover en die Datsun bakkie gery het. Swartman Vuzumsi Jack het toe na vore gekom en langs die draad voor die huis gaan staan en 'n petrolbom na die huis gegooi, ek het net gesien dat die venster van die huis gebrand het en later het hy en nog ander swartmense die ruite van die huis met klippe stukkend gegooi. Swartman Albert Nkumbi @ Tosman het toe by die huis uitgehardloop gekom en sy suster Swartvrou Nowente Nkumbi het dieselfde tyd met 'n rakplank by die huis uitgekom.

By die hekkie het Tosman se broer Swartman William Nkumbi probeer [om] hom te vang maar Swartman William Nkumbi het gegly en op sy hande en knieë geval met sy gesig na onder toe. Terwyl hy so gestaan het ek gesien dat Swartman Tosman hom twee maal op sy kruis met 'n mes gesteek. Swartman Mokie Holland het toe die plank by Swartvrou Nowente afgevat. Ek weet nie wat hy daarmee gedoen het nie. Swartvrou

Nowente het toe ook probeer om vir Tosman te keer maar hy het haar toe met 'n mes in haar linkerhand gestee. Swartman Tosman het toe in die straat afgehardloop en 'n hele spul swartmense het hom agterna gesit. Ek het toe na die Swartman Bennet Tini se huis gegaan. Dit is al wat ek kan verklaar."

Die hof het Richard Mhlaba geglo, en het bevind dat beskuldigde no 1 se verklaring, bewysstuk C, hom betrek by die aanval op oorledene se huis. Na my mening is dit nie so nie. Daarvolgens was hy slegs 'n toeskouer (al was dit dan ook volgens Richard, 'n baie nuuskierige een). Daar is niks in dié oorblywende getuienis wat hom met die aanval op die huis verbind nie.

Beskuldigde no 2, Nontlopeko Madolo, het, soos reeds genoem, erken dat sy na oorledene se huis gegaan het en 'n skare daar sien staan het. Haar getuienis was soos volg. Sy het op die namiddag van 24 Desember 1985 na kouse gaan kyk by ene, Nomile Kani, se huis. Terwyl sy daar was het Nomile se seun kom sê dat daar 'n bakleiery buitekant was. Sy en ander daar teenwoordig het

uitgehardloop. Sy het mense sien hardloop na oorledene se huis. Sy en dié by haar het ook soontoe gegaan. Sy het by die A.M.E. Kerk, 'n endjie weg van die huis, gaan staan. Daar was 'n groot skare voor oorledene se huis maar geen bakleiery nie. Die skare het net daar gestaan. Sy het geen musiek of singery gehoor nie. Sy het niemand in die skare herken nie. 'n Bakkie en 'n "van" het voor oorledene se huis gestaan. Haar oom, konstabel Nelani, was by die bakkie. Persone was besig om goed uit oorledene se huis te bring en op die bakkie te laai. Sy het nie vir konstabel Nelani gevra wat aangaan nie omdat dit nie "in haar belang was" om dit te doen nie. Sy het na 'n rukkie alleen weggegaan terwyl die bakkie nog daar gestaan het. Sy is toe na haar oom se huis. Geen ander oorblywende getuienis betrek haar by die gebeure voor oorledene se huis nie.

Beskuldigde no 3, Vuzumsi Jack, 'n ongeletterde, met 'n treffende, erg verbrande, gesig, het as

ghriesjoggie in Bloemfontein gewerk, maar sy mense was in Kwezi. Hy was tuis by hulle vir die 1985 kersvakansie. Op die namiddag van 24 Desember het hy na sy tante gegaan om 'n kersgeskenk ("christmas box") by haar te gaan kry. Op pad soontoe het hy in die straat voor oorledene se huis verby geloop. Twee voertuie, 'n bakkie en 'n "van", was in die straat voor die huis geparkeer. Oorkant die straat was 'n dansende skare. Hy het ook musiek gespeel deur 'n bandmasjien gehoor. Hy het geen notisie van die skare of die huis geneem nie en maar net verbygeloop. Hy het niemand by die voertuie en geen polisie op die toneel gesien nie. Hy ken sy mede-beskuldigdes, maar het geen een van hulle daar gesien nie en niemand in die skare herken nie. Hy het nie ag geslaan op die bui van die skare nie. Hy het aangeloop na sy tante toe. Sy was nie tuis nie maar het na 'n rukkie teruggekom en sy geskenk aan hom gegee. Hy is toe langs 'n ander roete na 'n vrou wat hom geld geskuld het. Sy was ook nie tuis nie en hy

is toe maar huistoe en is nie weer na oorledene se huis nie. Geen oorblywende getuienis verbind beskuldigde no 3 met die gebeure by oorledene se huis nie.

Beskuldigde no 5, Richard Yebe, se weergawe is reeds hierbo uiteengesit. Hy is wel deur sersant Meyer en konstabel Nelani verbind met die gebeure by oorledene se huis, maar slegs tot 'n beperkte mate. Sersant Meyer het getuig dat toe hy om ongeveer 17h00 daardie namiddag in die Landrover by oorledene se huis aangekom het, was beskuldigde no. 5 in die groep van ongeveer 50 mense wat toe reeds daar was. Hy het 'n rooi pet op gehad. Meyer het hom toe reeds vir ongeveer 'n maand geken. Hy het beskuldigde no 5 niks sien doen of hoor sê nie. Van die persone in die skare, wat vinnig tot ongeveer 400 aangegroei het, het egter sersant Meyer en sy kollegas aangesê om binne drie minute daar pad te gee, maar hulle het daar gebly en toegesien dat die eerste vrag meubels in die bakie gelaai word. Daarna het die bakkie vertrek

met konstabel Nelani agterop. Meyer en Hattingh het toe in die Landrover gaan sit. Daarna het van die skare die voertuig begin skud, op die dak en teen die kante daarvan geslaan en dit met klippe gegooi. Hy en Hattingh het vertrek om versterkings te gaan haal. Die skare het die voertuig agterna gesit en steeds klippe daarna gegooi. Meyer het beskuldigde no 5 egter nie by hierdie optredes van die skare betrek nie; hy het trouens in verband daarmee glad nie sy naam genoem nie. Meyer het ook getuig dat voor sy vertrek daar nog geen aanval op oorledene se huis was nie.

Konstabel Nelani het getuig dat beskuldigde no 5, met wie se suster hy getroud is, na hom gekom het vanuit die skare en aan hom gesê het dat "julle impimpi's" (d.w.s. berriggewers, verraaiers, ens.) binne drie minute uit Kwezi moet padgee. Die skare het gedans en "vryheidsliedere" gesing, t.w. "die soort liedere wat mense sing as hulle van plan is om die polisie en andere

aan te val" (aldus Nelani). Die skare was "onvriendelik", maar het nie toe al gewelddadig opgetree nie. Hy het by die voertuie gestaan om hulle te beskerm. Na 'n rukkie het die bakkie, met meubels gelaai, na die tente dorp vertrek. Nelani het agterop gesit om 'n wakende oog oor die vrag te hou. Met sy vertrek het van die persone in die skare rond gespring en gesê "daar gaan die impimpi weg". Beskuldigde no 5 was egter nie een van hulle nie. Voor Nelani vertrek het was daar nog geen aanval op oorledene se huis nie.

Beskuldigde no 7, Magi Siyoko, se weergawe is eweneens reeds hierbo uiteengesit. Hy is slegs deur konstabel Nelani verbind met die gebeure by oorledene se huis, en dit ook slegs in die stadium voordat daar enige aanval op die huis was. Nelani het getuig dat terwyl hy by die bakkie voor oorledene se huis gestaan het, was beskuldigde no 6 ook in die skare en het hy musiek op sy bandspeler gespeel (daar sal later, by die oorweging van

die getuienis op die moordklag pertinent gehandel word met die getuienis t.a.v. beskuldigde no 6). Nelani het tikkend met sy voet maat gehou met die musiek. Beskuldigde no 7, wat hy reeds meer as 20 jaar ken en met wie hy saam groot geword het (Nelani was tydens die verhoor 30 jaar oud), het vanuit die skare na vore getree en die klankreguleerder van die bandspeler na h laer klanksterkte afgedraai met die woorde "geen impimpis sal hier dans nie", blykbaar verwysende na Nelani se maat hou met die musiek. Kort daarna is Nelani weg soos reeds beskryf.

Selfs indien die getuienis van al vyf voormelde beskuldigdes (en in die geval van no 7, ook van "Shorty" Jantjies) verwerp word en die oorblywende staatsgetuienis t.a.v. hulle op klag 2 in toto aanvaar word, is daar na my mening nogtans geen bewys bo redelike twyfel dat beskuldigdes 1, 2, 3, 5 en 7 enige aandeel gehad het aan die geweldpleging by oorledene se huis nie. Die redelike

moontlikheid dat hulle slegs toeskouers (al is dit dan ook geesdriftige toeskouers) daarvan was, is nie uitgesluit nie. Hulle skuldigbevindings op die tweede aanklag kan gevolglik nie bly staan nie.

Beskuldigde no 9, Bennet Sonamzi, het soos reeds genoem, ook erken dat hy op die toneel was. Sy weergawe van hoe dit gekom het dat hy daar was is soos volg. Hy het daardie middag 'n kiere gaan haal by ene Nolingwa waarmee hy na 'n besnydenisplegtigheid by die woning van 'n sekere Madikane in Kwezi wou gaan. Dit was 'n knopkierie. Mans wat sulke plegtighede bywoon moet volgens volksgewoonte kieres dra. Terwyl hy in Jupiterstraat van Nolingwa na Madikane aan die loop was het hy by die Nkumbi ouerhuis verbygegaan. Ene Andries Stadhouer, wat daar besig was met bouwerk, het hom ingeroep en om tabak gevra wat hy hom gegee het. Oorledene se broer, William, was ook daar en was ook met die bouwerk besig. William het vir hom, no 9, daar

gesien. Hy het vir ongeveer 15 min daar vertoef en toe weer na Madikane aangeloop met dieselfde straat. Hy het die kiere soos 'n wandelstok vasgehou, met sy hand oor die knop. Hy het twee voertuie en baie mense ($\pm 100-150$) voor oorledene se huis sien staan. (Later, tydens kruisondervraging, het hy egter gesê dat hy vanuit 'n systraat in Jupiterstraat ingekom het en toe die voertuie en mense voor oorledene se huis gewaar het.) Die voertuie was 'n bakkie en 'n polisievoertuig. Sersant Meyer het agter laasgenoemde voertuig met A/O Hattingh staan en praat. Konstabel Nelani het 'n vuurwapen vasgehou en in die bakkie gesit wat met goed gelaai was. (Vir hom was Nelani 'n "gogga"; hy het hom gevrees omdat Nelani hom tevore al aangerand het i.v.m. 'n aanrandingsaak wat hy, no 9, teen ene Mike aanhangig gemaak het. Hy is daarna valslik daarvan aangekla dat hy Mike se huis aangeval het. Hy was daaraan skuldig bevind en tot tronkstraf gevonniss. Hy was steeds daarvoor in

die gevangenis toe hy in die onderhawige saak getuig het.) Hy het nie by oorledene se huis vertoef nie en het in die middel van die straat aangeloop. Terwyl hy so aan die verbyloop was het die bakkie rukkend weggetrek. n Onderdeel van n gasstoof het afgeval. Hy het dit opgetel en op die bakkie teruggeplaas. Die skare het nie gesing of gedans nie. Hulle het net staan en kyk na die verwydering van die goed uit oorledene se huis. Hy het wel musiek gehoor maar kon nie vasstel of dit van n radio of van n bandspeler afkomstig was nie. Hy het niemand gevra wat by oorledene aan die gang was nie omdat hy nie daarin belanggestel het nie. Hy ken al die beskuldigdes van sien maar het niemand in die skare herken nie. Hy het aangeloop na Madikane se plek en daar saam met ander gesit en vleis eet. Ongeveer 15 min nadat hy daar arriveer het, het hy gehoor mense in die straat skree dat daar n brand is. Hy het uitgegaan en rook gewaar in die rigting van oorledene se huis. Hy het soontoe gegaan.

Die huis was aan die brand. Die voertuie was nie meer daar nie. Hy het gemerk dat 'n eetkamervenster gebreek was. Hy het die brand help blus en het gehelp keer dat dit nie na die aangrensende huis versprei nie. Hy het ontken dat hy enigiets met die aanval op oorledene se huis te doen gehad het.

Die oorblywende getuienis teen beskuldigde no 9 op hierdie klag is dié van sersant Meyer en konstabel Nelani. Nelani het getuig dat hy op die namiddag van 24 Desember 1985 agter op die bakkie was toe dit met Betty Nkumbi, wat voor gesit het, op pad was van die polisiestasie in Hanover na oorledene se woning om die meubels en ander besittings daar te gaan oplaai. Nelani was op sy knieë en het vorentoe gekyk. Die bakkie was voor en die Landrover agter. Naby die NG Kerk in Kwezi het die bakkie stilgehou sodat die Landrover dit kon inhaal. Net nadat dit tot stilstand gekom het, het beskuldigde no 9 die bakkie aan die bestuurderskant

genader en toe hy langs dit was, bukkend by die kajuit ingeloer. Hy het 'n knopkierie in die een hand gehad en 'n fluitjie in die ander. Nelani het gevra of hulle hom kan help. Beskuldigde no 9 het nie geantwoord nie. Hy het omgedraai in die rigting van 'n ander straat. Hy het op die fluitjie geblaas, die kierie opgehou, dit in die rondte geswaai en in daardie ander straat opgehardloop waar 'n groep mense ongeveer 20-30 treeë van hom af gestaan het. Nelani het getuig dat die blaas van só 'n fluitjie destyds die gebruiklike wyse van oproep was aan mense om te vergader. Die bakkie en Landrover het toe aangery na oorledene se huis. By hul aankoms daar was daar reeds 'n skare van "30, 50 tot 80". Kort daarna het Nelani beskuldigde no 9 dansend sien aankom vanuit 'n systraat voor aan 'n groep mense wat vryheidsliedere saggies gesing het. Hy het steeds die kierie in die rondte geswaai, en hy en die singende groep wat hom gevolg het, het voortbeweeg na oorledene se huis. Sommige van dié groep

het klippe in hul hande gehad. Hulle en beskuldigde no 9 het aangesluit by die skare wat reeds by oorledene se huis vergader het. Toe Nelani met die bakkie vertrek het soos reeds beskryf, het dié skare reeds tot ongeveer 250 aangegroei.

Sersant Meyer het getuig dat hy by die oorledene se huis uit die Landrover geklim het en aan die bestuurder se kant daarvan gaan staan het. Hulle het "seker omtrent net stilgehou" toe beskuldigde no 9 vanuit 'n systraat aangekom het met 'n kerie in sy hand. Hy het aangesluit by die skare wat reeds voor oorledene se huis was en daar in die straat met die kerie in sy hand rondgedans. Meyer het later saam met Hattingh vertrek soos reeds genoem. Toe hulle ongeveer 15 min later met twee polisieversterkings weer daar aangekom het was die aanval op oorledene se huis reeds verby. Die vensters aan die voorkant was stukkend en voor die huis het 'n brandende bed gestaan. Hy het toe van 'n onbekende swartvrou 'n

berig i.v.m. die oorledene ontvang. Hy het onmiddellik met die Landrover vertrek en oorledene alleen in die veld kry lê soos reeds beskryf. Oorledene het ongeveer 500 m van sy huis af gelê. Ek handel later verder met hierdie klag teen beskuldigde no 9.

Die oorblywende getuienis teen beskuldigdes 1, 2, 3, 6, 7, 8 en 9 op die moordklag is dié van William Nkumbi en konstabel Nelani. Daar is geen verdere getuienis teen beskuldigde no 5 nie. Om hierdie rede kan sy skuldigbevinding aan strafbare manslag nie bly staan nie. Dié skuldigbevinding was grootliks baseer op die getuienis van Betty Nkumbi, wat nou buite rekening gelaat moet word. Die gronde waarop hy skuldig bevind was, is o.a. soos volg in die uitspraak saamgevat:

"Accused no. 5's evidence that he was not at the house is rejected. Betty is the only person to identify accused no. 5 at the scene of the assault. Her evidence in that regard is uncorroborated and in view of what we said above in regard to the need for corroboration, we cannot find as a fact that accused no. 5 was

at the scene of the killing. More so because it is easy to include an innocent person in a general allegation such as "that they all threw stones", and she may have been influenced by the fact that she saw him at the house.

We did consider accused no. 5's false alibi as corroboration for Betty's evidence. If regard is had to what is said in S v MTSWENI 1985 (1) S.A. 590 A.D. at p. 594 B to E it is, however, possible that accused no. 5, in fear of being placed at the scene of the killing, also falsely denied being at the house. We therefore find that the State did not prove that accused no. 5 was at the scene of the killing.

The matter, however, does not rest there. He did participate in the attack on the house. He tried to lure the deceased outside and he ordered the police, who were supposed to be guarding the deceased and his property, to leave the location. He made common purpose with the enraged mob to drive the deceased from his house. We considered on these facts whether accused 5 is guilty of murder on the basis of *dolus directus* or *dolus eventualis*.

On the evidence before us we cannot find that accused no. 5 in fact had the necessary legal intent to kill. We do find, however, that a direct consequence of the attack on the house by the mob with which he made common purpose, was the driving out and killing of the deceased by the mob. Accused no. 5 should have foreseen that result and his failure to do so amounted to negligence on his part."

Onder die omstandighede is dit nie nodig om enigiets te sê oor die korrektheid aldan nie van dié skuldigbevinding op die feite deur die verhoorhof bevind nie.

Van die feite genoem in dié aanhaling bly net beskuldigde no 5 se vroeë teenwoordigheid in die skare en sy uitlating aan konstabel Nelani nou oor. Op die oorblywende getuienis is daardie feite ewe vatbaar vir die onskuldige vertolking dat hy slegs 'n toeskouer was wat nie van die teenwoordigheid van die polisie gehou het nie en hulle slegs om daardie rede wou laat padgee. Sy skuld is gevolglik nie 'n redelike twyfel bewys nie.

Ek handel nou met die getuienis van William en Nelani op die moordklag.

William se weergawe is reeds ten dele hierbo uiteengesit en dit sal nie nou herhaal word nie. Die res van sy getuienis lui so. Hy is 'n onderwyser. Hy is op Hanover gebore maar het destyds op Philipstown klas gegee vir standerds 3, 5 en 6. Sy kwalifikasies in 1985 was

Std 8 plus 2 jaar onderwysers-opleiding. Ten tyde van die verhoor het hy reeds vir 5 jaar onderwys gegee. Gedurende November 1987 sou hy die matriek-eksamen aflê. In Kwezi was daar in 1985 'n groep persone wat "Comrades" geheet het. Hy het nie met hulle assosieër nie want hulle "brand ander mense se huise af". Oorledene was sy jonger broer. Vanaf Januarie 1986 hou William skool op Kwezi. Maar hy bly van toe af in die tente dorp.

Op die namiddag van 24 Desember 1985 was William, Andries Stadhouer en dié se vader besig met bouwerk in die huis van sy ouers op Kwezi. Hy was toe ook daar tuis. Hy het beskuldigde no 9 nie daar gesien nie, maar het toegegee dat hy wel daar kon aangedoen het. Terwyl hy om 16h30-17h00 nog met die bouwerk doenig was het hy 'n meisie, sy susterskind Nombeko, buite hoor skree. Hy het uitgegaan en rook sien kom uit die rigting van oorledene se huis. Hy het soontoe geloop. Toe hy om die straathoek kom het hy 'n skare in die straat naby

oorledene se huis gewaar. Die huis was aan die brand. Die oorledene het by die huis uitgehardloop in die straat in. Die oorledene was toe ongeveer 12 meter van die skare af. Daar was krete vanuit die skare dat die oorledene gejaag moet word. William het omgedraai en saam met die oorledene weggehardloop. Hy het nie omgekyk om te sien wie hulle agtervolg het nie. Die twee van hulle het aangehardloop en was aan die wegom van hul agtervolgers af. Omdat William gevrees het dat die oorledene na die Nkumbi ouerhuis wou hardloop het hy hom 'n roete aangedui weg daarvan, en wat lei na 'n voetpad wat die kortste roete na die tentedorp was. Die oorledene het dié roete gevolg. Hulle het uiteindelik in Neptunestraat beland, wat aan die buitekant van Kwezi geleë was met woonhuise aan die een kant en oop veld aan die ander. Hulle was steeds op pad na die voormelde voetpad. Voordat hulle dit kon bereik, het beskuldigde no 8, "Bobby" Booysen, skielik voor hulle tevoorskyn

gekom. Die agtervolgers was op daardie stadium buite sig om 'n straathoek agter hulle, maar het hoorbaar geskree dat die impimpi gestop moes word. Hulle het na oorledene verwys; omdat hy aan die verhuis was na die tentedorp het persone in Kwezi vir oorledene as 'n impimpi beskou. William het ook getuig dat wanneer iemand "deesdae" 'n impimpi genoem word, word hy doodgemaak. Hy het, in die verband waarin hy getuig het, klaarblyklik by "deesdae" ook die tydperk van die voorval (d.w.s. Desember 1985) ingesluit. Beskuldigde no 8 het 'n klip opgetel en dit na die oorledene gegooi. Die klip het hom getref en die oorledene het geval aan die buitekant van die straat, in die veld. As oorledene nie só neergevel was nie sou hy en William die agtervolgers ontwyk het. Nadat oorledene geval het is hy egter deur hulle ingehaal en waar hy gelê het aangerand deur sekere van hulle en deur beskuldigde no 8, deels in William se teenwoordigheid, soos reeds vermeld. William het ongeveer 2 meter van die oorledene

gestaan tydens dié aanranding, wat só verloop het.

Beskuldigde no 3 het eerste bygekom en het oorledene met 'n klip gegooi. Beskuldigde no 2 het toe arriveer en beskuldigde no 8 het oorledene weer met 'n klip gegooi. Beskuldigde no 2 het gesê "maak Botha se hond dood" en het hom ook met 'n klip gegooi. Beskuldigde no 9 het ook bygekom met 'n kiere in die hand. Nadat William hierdie beskuldigdes genoem het is hy gevra of hy enige van die ander agtervolgers herken het. Hy het geantwoord, beskuldigde no 6. Toe hy gevra is wat no 6 gedoen het, was sy antwoord dat al diegene wat hy genoem het oorledene met klippe gegooi het terwyl hy op die grond gelê het. Toe hy later gevra is of hy beskuldigde no 7 ken, het William bevestigend geantwoord en bygevoeg dat "hy ook daar was". (Dit was sonder beswaar genotuleer dat beskuldigde no 7 se nommer aanvanklik skynbaar nie vir William sigbaar was nie.) Daarna is William gevra of hy beskuldigde no 1 enigsins op 24

Desember 1985 gesien het. Hy het geaarsel en toe geantwoord dat hy ook by die steniging teenwoordig was. Op 'n vraag deur die hof waarom hy geaarsel het, was sy antwoord dat die voorval lank gelede plaasgevind het, dat dit moontlik is om dinge te vergeet en dat hy besig was om die gebeure in sy herinnering te herroep. Op verdere vrae het hy gesê dat dit 'n knopkierie was wat beskuldigde no 9 gehad het, maar dat hy oorledene slegs met klippe gegooi het. Daarna is hy pertinent gevra of hy beskuldigde no 6 enigiets "daar" (d.w.s. by oorledene) sien doen het; hy het geantwoord dat no 6 ook klippe gegooi het. Al hierdie vrae en antwoorde was tydens hoofondervraging. Onder kruisverhoor het William getuig dat die beskuldigdes wat hy genoem het een vir een by die oorledene aangekom het en hom dan dadelik begin stenig het. Hy is daar weg terwyl die steniging nog aan die gang was. Hy het net diegene genoem wat hy aan die steniging sien deelneem het en nie ook dié wat net

bygestaan het nie. Toe hy tydens kruisondervraging daarop attent gemaak is dat sy getuienis t.a.v. beskuldigde no 2 nie met die nadere besonderhede strook nie omdat daarin geen melding gemaak is van haar genoemde uitlating nie, het William gesê dat hy dit nie aan die polisie gesê het nie omdat hy nie daaroor gevra is nie. Die polisie wou slegs van hom weet wat elkeen van die aanranders gedoen het. Toe William in kruisverhoor gevra is hoeveel mense die oorledene aangerand het, het hy geantwoord dat dit die ses is wat hy genoem het. Die kruisondervraer het dit daarby gelaat. Toe dit aan William gestel is dat hy oor beskuldigde no 1 geaarsel het omdat hy onseker was oor dié se deelname, het hy geantwoord dat hy geaarsel het omdat hy oor die verloop van die gebeure nagedink het en geen persoon wou betrek by iets wat hy nie gedoen het nie. (Ek het die inhoud en verloop van die hoof- en kruisondervraging van William oor die deelname aan die aanranding op die oorledene

duidelikheidsonthalwe hier gesamentlik uiteengesit omdat mnr Melunsky betoog het dat die hof die inslag daarvan misgekyk het en as gevolg daarvan die betroubaarheid van William verkeerdelik en ten nadele van appellante oorskat het en gevolglik aanvaar het.)

William het verder getuig dat hy, soos reeds genoem, teenwoordig was op die vergadering wat die volgende dag, 25 Desember, in die A.M.E. Kerk gehou was. Al die beskuldigdes was ook op daardie vergadering teenwoordig. Die volgende dag, 26 Desember, het beskuldigde no 7 en ander persone, op Kwezi vir William en sy familieleden ondervra oor gebede deur hulle t.a.v. oorledene se dood. William het beskuldigdes 1, 2, 3, 6, 7, 8 en 9 almal goed geken. Hy het beskuldigdes 1 en 6 by die skool op Ntlahlela leer ken; beskuldigdes 2 en 3 het voor hom groot geword; hy en beskuldigde no 7 en dié se familie het aan dieselfde kerk behoort en William het sy ouers goed geken; hy en no 8 het saam skool gegaan,

en hy en no 9 het saam groot geword. Sy kennis van die beskuldigdes is nie deur die verdediging bevraagteken nie.

Konstabel Nelani se getuienis t.a.v. die moordklag is die volgende. Nadat die bakkie se vrag by die tentedorp afgelaai is, het dit weer na oorledene se woning vertrek met Nelani steeds agterop. Hierdie keer het dit soontoe beweeg op 'n "tweespoor-paadjie", wat 'n kortpad Kwezi toe is. Terwyl die bakkie nog daarop aan die voortbeweeg was, het Nelani beskuldigde no 9 opgemerk. Hy was besig om iemand wat Nelani nie kon herken nie, te jaag en met 'n kiere op die boonste deel van die liggaam te slaan. Dié persoon het gebukkend en koetsend gehardloop in 'n poging om die houe te ontwyk en het hulle ook probeer afweer. Sy rug was na Nelani gekeer. Dit is die rede waarom Nelani nie kon uitmaak wie hy was nie. Hulle was toe ongeveer die lengte van 'n rugbyveld van Nelani af. (D.w.s. ongeveer 100-110 treë,

soos later sal blyk.) Hulle was gevolg deur 'n skare van 20-25 wat 'n endjie agter hulle was. Die persoon wat deur beskuldigde no 9 geslaan was, het nie geval nie en het bly weghardloop. Nelani het toe 'n groot geraas gehoor en het weggekyk in die rigting van waar dit gekom het. Hy sien toe 'n groot rasende en skreeuende skare van ongeveer 400-500 wat agter die kleine in aantog was. Die bestuurder van die bakkie het toe stilgehou. Dit was 'n Administrasieraadvoertuig. Nelani wou aanry om vas te stel wie dit was wat so deur beskuldigde no 9 aangerand word. Die bestuurder van die bakkie het geweier. Hy was te bang. Die groot skare het die kleine ingehaal, daarmee saamgesmelt en aangehardloop agter beskuldigde no 9 en die persoon wat hy aan die slaan was. Nelani het William geken maar het hom nie op dié geleentheid gewaar nie. Hy het ook niemand behalwe beskuldigde no 9 herken nie want hy het sy aandag toegespits op die persoon wat die slaanwerk gedoen het.

Die polisie Landrover het toe teen 'n hoë spoed vanuit Kwezi se rigting te voorskyn gekom en na die polisiestasie gejaag. Die bakkie het dit gevolg omdat Nelani wou uitvind wat aan die gebeur was. Hy het toe nie opgelet hoe beskuldigde no 9 en die skare se jaagtog verder verloop het nie. Ongeveer 15-20 minute het verloop vandat hy in die bakkie van oorledene se huis vertrek het na die tentedorp toe totdat hy beskuldigde no 9 se jaag- en slaantog gewaar het. Hy het later in opdrag van Meyer gehelp om die klippe, bewysstuk 1, bymekaar te maak op die plek waar die oorledene gelê het. Dit is "verder as die lengte van 'n rugbyveld" van die plek waar Nelani beskuldigde no 9 die onbekende persoon sien slaan het. Nelani het toe ook dié distansie op ongeveer 150 treë geskat.

Ten aansien van die moordklag het mnr Melunsky die getuienis van William en konstabel Nelani op verskeie gronde gekritiseer en betoog dat die verhoorhof

verkeerdelik hul weergawes aanvaar het en dié van die betrokke beskuldigdes verwerp het. Hy het egter toegegee dat indien William en Nelani se getuienis korrek deur die hof a quo aanvaar is daar geen redelike twyfel kan bestaan dat dié beskuldigdes die oorledene vermoor het met die direkte opset om hom dood te maak nie.

Mnr Melunsky se kritiek het in hoofsaak die volgende behels. William en konstabel Nelani was elk 'n enkel getuie t.a.v. die aspekte waaroor hulle op hierdie klag getuig het; William het op onoortuigende wyse beskuldigdes 1 en 6 betrek en onsekerheid oor die identiteit van die aanranders geskep deur sewe te noem maar uiteindelik te getuig dat ses die oorledene aangerand het; William het nie in sy polisieverklaring melding gemaak van beskuldigde 2 se uitlating nie; die verhoorhof het die getuienis van beide William en Nelani aanvaar, maar hulle weergawes is onderling onversoenbaar en dit is gevolglik onmoontlik om 'n redelike twyfel te

bepaal wat werklik gebeur het; die verdedigingsgetuienis t.a.v. beskuldigdes 7 en 8 se alibi's is oortuigend en behoort aanvaar te gewees het, en is in elk geval nie bo redelike twyfel deur die Staat weerlê nie.

Mnr Melunsky het ook betoog dat beskuldigde no 9 om die volgende redes verkeerdelik op die tweede klag skuldig bevind is. Sersant Meyer en konstabel Nelani het mekaar op belangrike aspekte weerspreek. Sersant Meyer, wat agter die bakkie in die Landrover was, het geen melding daarvan gemaak dat beskuldigde no 9 by die bakkie se kajuit ingekyk het en 'n fluitjie geblaas het nie. Hy het trouens geen melding daarvan gemaak dat hy hom op dié stadium gesien het nie. Meyer het ook geen melding gemaak van 'n skare wat beskuldigde no 9 uit dié systraat gevolg het nie, en ook nie van die sing van vryheidsliedere nie. Daar is in elk geval geen oorblywende getuienis dat beskuldigde no 9 aan die aanval op oorledene se huis deelgeneem het, of dit op enige wyse

aangestig het nie. Aldus mnr Melunsky.

Die oorblywende staatsgetuienis en die verdedigingsweergawes moet oorweeg word teen die agtergrond van die erkende en onbetwiste feite wat vroeër in hierdie uitspraak uiteengesit is. By daardie oorweging moet die volgende ook in ag geneem word. Dit is nie betwis dat die hele gewelddadige voorval vanaf die aanval op die vertrekkende Landrover tot die moord op oorledene binne 'n tydperk van ongeveer 15-20 minute plaasgevind het nie. Die beskuldigdes was almal bekend aan die staatsgetuies Meyer, Nelani en William. Die gebeure het in daglig afgespeel en daar is geen suggestie dat die algemene uitsig swak was nie. By oorledene se huis was Meyer en Nelani baie naby aan die skare wat daar vergader het en die dodelike aanval op oorledene het in William se onmiddellike teenwoordigheid plaasgevind. Alhoewel daar geen geweldpleging was voordat Meyer en Hattingh weer in die Landrover geklim het net voor hul

vertrek van oorledene se huis af nie, is dit duidelik dat daar 'n vinnig-oplaaiende spanning was, vernameklik weens die snelle aanwas van die skare wat daar saamgedrom het. Dit is ewe duidelik dat die situasie uiteindelik so dreigend geword het dat Meyer en Hattingh op die vlug geslaan het en oorledene, sy gesin en sy huis sonder enige beskerming aan hulle lot oorgelaat het. Die wegvlug van oorledene en agtervolging deur die skare was 'n hoogs vloeibare, snel-wisselende geleentheid, en William was onder só 'n groot druk dat hy nie eens besef het dat hy redelik ernstig beseer is nie. Onder al hierdie omstandighede is dit duidelik dat bekendes maklik herken sal kan word, maar is dit ook onvermydelik dat die betrokkenes nie almal dieselfde gewaarwordings sal hê nie, of alles sal oplet wat op 'n besondere tydstip by hulle aan die gebeur is nie.

Beskuldigde no 1 se verklaring, bewysstuk C, is 'n direkte weerspreking van sy getuienis en is belangrike

stawing van Richard Mhlaba. Beskuldigde no 1 het ontken dat hy gesê het wat in dié verklaring staan, maar die hof het bevind dat dit wel van hom afkomstig is. Daardie bevinding is nie voor hierdie Hof betwis nie. Dit is gemene saak dat oorledene in Kwezi ook as "Tosman" bekend was. Dat beskuldigde no 1 belang gestel het in die skare voor oorledene se huis, soos deur Richard Mhlaba getuig, is bewys deur sy vermelding van beskuldigde no 3, Vuzumsi Jack, as een van die teenwoordiges. As hy nie daar naby was nie en nie in die skare se optrede belanggestel het hoe sou hy van no 3 geweet het? Hy het nie in sy getuienis beweer dat hy van vêr af enigiemand per toeval in die skare herken het nie. Dat daar ongetwyfeld onwaarhede in sy verklaring is, doen nie afbreuk aan die voormelde aspek nie. Die hof het na my oordeel korrek bevind dat sy getuienis vals was en dat hy inderdaad belanggestel het in die gebeure by die oorledene se huis en na die skare wat daar vergader was, wou gaan en gegaan

het. Hierdie feite is ter sake by die oorweging van die getuienis op die moordklag.

Die hof het bevind dat beskuldigdes 2 en 3 swak getuies was. Daar kan geen fout met daardie oordeel gevind word nie. Dit is hoogs onwaarskynlik dat beskuldigde no 2 belangstellend sou hardloop na oorledene se huis waar h snel vermeerderende skare voor haar oë aan die vergader was en dan, nadat sy h rukkie die gebeure daar staan en bekyk het, eenvoudig sou wegloop van h situasie van ooglopende en snel-oplaaiende spanning sonder om by enigiemand, nie eens by haar oom nie, te vra wat aan die gang is. Dit is ewe onwaarskynlik dat sy niemand in die skare herken het nie. Dit is net so onaanneemlik dat beskuldigde no 3 so onbelangstellend by so h situasie sou verbyloop waarop hy per toeval afgekom het, en vlak by die skare sou verbygaan sonder om enigiemand te herken.

Die gronde vir die verhoorhof se verwerping van

beskuldigde no 6 se verontskuldigende getuienis is reeds vroeër in hierdie uitspraak uiteengesit. Hy het getuig dat hy dié middag na sy suster gegaan het om te verneem na 'n broek wat sy vir hom aan die heelmaak was. Hy het sy bandspeler saamgeneem en het bandmusiek daarop gespeel. Die werk aan die broek was nog nie klaar nie. Nadat hy koek by haar geëet het is hy weg huis toe. Hy was koorsig, het siek gevoel en wou gaan lê. Hy het die vorige dag al begin siek voel. Toe hy daar weg is, het hy 'n skare naby oorledene se huis opgemerk. Hy het soontoe geloop om te sien wat daar aangaan. 'n Datsun bakkie en 'n Landrover was voor die huis geparkeer. Sy oom, konstabel Nelani, het langs die bakkie gestaan. Daar was rusbanke op die bakkie. Later het hy bygevoeg dat toe hy daar aankom Nelani besig was om iets op die bakkie te laai. 'n Groot skare het naby die huis in die straat gestaan. Hy het 'n rukkie daar vertoef en het eenkant gestaan en kyk wat aan die gang is. Sy

bandmusiek was weer aan die speel maar niemand het die volume daarvan verminder nie. Mense in die skare het gedans op die maat van die bandmusiek, maar die skare het andersins net daar gestaan en niks gedoen nie. Hy het nie opgelet na die bui van die skare nie en het niemand daarin herken nie. Hy het ook geen blanke polisie daar gesien nie. Die bakkie het vertrek met konstabel Nelani agterop, gewapen met 'n geweer. Hy het toe ook aangeloop huis toe. Hy het steeds sleg en koorsig gevoel en wou gaan slaap. Op pad het hy sy vader in 'n stegie ontmoet. Sy vader het pas van 'n kooptog na De Aar teruggekeer en wou hê hy moet hom gaan help met die aflaai van kruideniersware. Beskuldigde no 6 het egter verskoning gemaak weens sy koorsigheid. Hulle het saam huis toe gegaan en beskuldigde no 6 het voor sonder gaan slaap. (Hy het ook getuig oor vorige moeilikhede wat hy met oorledene en konstabel Nelani ondervind het, maar was nie meer kwaad vir oorledene nie. Dit is onnodig om verder

daarop in te gaan.) Dit is onwaarskynlik dat indien beskuldigde no 6 werklik so siek gevoel het soos hy wou te kenne gee, hy nogtans sou rondgeloop het en koek geëet het soos beweer. Waar hy uit nuuskierigheid weens die samedromming by oorledene se huis, soontoe gegaan het, soos hy self getuig het, is dit hoogs onwaarskynlik dat hy daarna só belangeloos en onoplettend sou gewees het toe hy daar aangekom en vertoef het, soos hy te kenne wou gee. Daar kan geen fout gevind word met die verhoorhof se verwerping van beskuldigdes 2, 3 en 6 se verontskuldigende weergawes nie. By die beoordeling van die getuienis t.a.v. klag 1 moet gevolglik aanvaar word dat hulle al drie deel van die skare by oorledene se huis was, al was dit dan op daardie eerste stadium, voor die aanvang van die agtervolging van die oorledene, slegs as toeskouers.

Die verhoorhof se opsomming van die getuienis van en ten behoeve van beskuldigdes 7 en 8, en die redes

vir die verwerping van hul alibi's, is breedvoerig in die uitspraak uiteengesit. T.a.v. beskuldigde no 7 en "Shorty" Jantjies is die volgende o.m. gesê:

"Accused no 7 also gave evidence. He cannot be faulted on the way in which he gave his evidence. He is patently an intelligent young man. He was employed as a plastic welder, a specialised job for which he received special training.

He testified that during the period 21 to 27 December 1985 he was not in Hanover, but visited a friend in De Aar. After his arrest on 30th December 1985, he informed the police of his alibi, but they disbelieved him. He did not tell the police that he was with Shorty, a friend who could corroborate his story. We find this very strange.

He did not elect to say nothing, as he was entitled to do. He did raise his alibi and especially when that was doubted one would expect a person of his intelligence to say, "if you do not believe me, ask Shorty he stays in Street no. 16 and he will bear me out". He is prepared without demur, to remain in custody until the trial. In fact, according to him, he never even considered calling Shorty as a witness until at a very late stage.

He also professed to be totally ignorant about the troubles in Kwezi. We just cannot believe that a person such as accused no 7 can come back to his home town, see a tent village, where people he must have known as former

inhabitants of Kwezi reside, and make no enquiries as to the reason therefor. He could advance no reason why Betty, Charlotte, Nelani and William should implicate him, but maintained that in his case, they deliberately falsely implicated him.

It is important that according to William, accused no 7 was at the meeting of 25th December, 1985 as well as at William's house on 26th asking whether they were holding prayers. This evidence was not contested during cross-examination, nor did accused no 7 deny it when giving evidence. If this evidence is true, and we have no reason not to believe it, then accused no 7 could not have returned on 27th December 1985.

Mr Tshabalala argued on this aspect that it might be an oversight on the part of Counsel. This might be so. This, however, gives us no reason to disbelieve William.

Shorty, who testified on behalf of accused no 7, was a poor witness. He was clearly uneasy in the witness box. There are contradictions and discrepancies in his evidence. He cannot remember dates, dates even confuse him, but he did remember the 21st and the 27th. He planned to go to town to do some purchases on the afternoon of the day accused no 7 arrived. He did not change his plans when accused no 7 arrived. Later he said that they went to town on the Monday. There was some confusion in court about the Friday, being the 20th - but I got the impression that Shorty had the Friday in mind as the day he wanted to do his purchases because shops would be closed on

Saturday afternoon, depending of course, on what he wanted to buy. I may, however, be wrong in my impression.

Far more important is Shorty's totally unsatisfactory explanation about his eagerness to come and assist accused no 7 when he did not know the date on which the crime was committed."

Dit is 'n korrekte opsomming van die wesenlike aspekte van beskuldigde no 7 en "Shorty" Jantjies se getuienis asook van die gebrek aan kruisondervraging van William aangaande die gebeure van 25 en 26 Desember 1985. Die verhoorhof het die getuienis van beskuldigde no 8 en April Favour o.m. só opgesom en beoordeel.

"The remarkable thing about the evidence of accused no 8 and his witness is the detailed corroboration up to a certain point. This, especially so, if one has regard to April Favour - an uneducated, very simple person. We cannot believe that he could have given such evidence had they not thoroughly discussed it. Their using the OK Bazaars as the same reference point to estimate a distance strengthens that belief. There are many prominent reference points in Grahamstown in the vicinity of the court building.

So also their use of the time 7 o'clock, as the time they got lifts. It will be recalled that

accused no 8 merely gave 7 o'clock as an estimate. April on his own admission cannot read time, cannot relate the position of the sun to time, and was not told at the hiking spot what the time was. How he arrived at an estimate of 7 o'clock, can only be explained if they discussed it.

However, we are of the view that at least part of their story could be true, otherwise April would not have been able to give his evidence the way he did. He never hesitated to give an answer or even pondered to think when minute detail was required from him. It is possible that on some occasion they met in De Aar and that accused no 8 and his wife spent the evening at the house of Shorty's sister.

We doubt that they were together when accused no 8 got his lift back. Accused no 8's version of how this white driver drove past April to pick them up and then asked them where April was going to, just does not sound right. They were standing some distance apart. How would they, from the driver's point of view, know where April was going to. He did not ask whether they knew. Why also drive past a single hitch-hiker to pick up two others and then call him forward."

(Met "Shorty" het die geleerde regter klaarblyklik April Favour bedoel.) Met hierdie opsomming, en met die beoordeling van die gehalte van daardie getuienis, is geen fout te vinde nie.

Die verhoorhof het o.m. die volgende gesê oor beskuldigde no 9 as getuie:

"He was a most unsatisfactory witness. He was argumentative, evasive, sometimes aggressive and openly glared at the prosecutor and the one assessor when they asked certain questions. He was also involved in long altercations with the interpreter. He was exceedingly voluble. ... His reason why Betty, William and Constable Nelani gave evidence against him is simply nonsense. We have no difficulty in rejecting his evidence that he was not involved in the attack on the house and in the killing as false. That he played a leading role is consistent with his attitude in the witness box and his evidence that nobody governs him."

Dit moet aanvaar word dat beskuldigde no 9 op een of ander stadium daardie middag kortliks by die Nkumbi ouerhuis aangedoen het. Dit is ook redelik moontlik dat hy daardie middag aanvanklik op pad was na die plegtigheid by Madikane en vir daardie doel die kiere gedra het. Dit is egter, net soos in die geval van beskuldigdes 2, 3 en 6, hoogs onwaarskynlik dat hy so belangeloos was oor wat by oorledene se huis aan die gang was soos wat hy voorgegee het. Daar was volgens hom nie alleen 'n skare daar by die huis nie, maar ook 'n gewapende

polisieman (Nelani) en voertuie. Persone was ook klaarblyklik besig om die huis te ontruim. Hy het homself in dieselfde asem weerspreek of hy haastig was aldan nie om by die plegtigheid te kom. Hy was nie soontoe genooi nie - hy het volgens gewoonte soontoe gegaan omdat hy 'n man was, en kon daar aankom wanneer dit hom pas want niemand regeer hom nie. Daar is na my mening geen fout te vind met die verhoorhof se verwerping van die verontskuldigende deel van sy getuienis nie.

Die kernvraag t.a.v. die skuldigbevinding van beskuldigde no 9 op die tweede klag is of die verhoorhof se aanvaarding van sersant Meyer en konstabel Nelani se getuienis korrek was aldan nie. Dit is oorbekende reg dat in die afwesigheid van wanvoorligting 'n verhoorhof se geloofwaardigheidsbevindings nie deur 'n hof van appèl omvergewerp sal word nie tensy daardie hof oortuig is dat daardie bevindings verkeerd is. R v DHLUMAYO AND ANOTHER

1948 (2) SA 677 (A) op p 706 punt 8; S v NEL 1987 (4) SA

950 (W) 955 C-E; HOFFMANN EN ZEFFERTT : The South African Law of Evidence, 4de uitgawe (1988) 489. Hier was geen wanvoorligting nie. Ek is ook nie oortuig dat die verhoorhof se aanvaarding van die getuienis van Meyer en Nelani verkeerd was nie.

Konstabel Nelani se getuienis aangaande die verskyning en gedrag van beskuldigde no 9 by die bakkie met hul aankoms in Kwezi is weliswaar nie deur sersant Meyer bevestig nie. Dit volg egter nie dat hulle mekaar met hul aankoms in Kwezi is weliswaar nie deur sersant Meyer bevestig nie. Dit volg egter nie dat hulle mekaar daarop weerspreek nie. Daar is geen aanduiding van hoe ver die Landrover op daardie tydstip agter die bakkie was nie, of waarop Meyer se aandag toe gevestig was nie. Die feit dat sersant Meyer slegs beskuldigde no 9 by die systraat sien uitkom het, en nie ook die skare wat hom gevolg het nie, en nie die sing van vryheidsliedere gehoor het nie, kom na my oordeel ook nie op 'n

weerspreking van Nelani neer nie. Daar is geen aanduiding van hoe lank of hoe goed Meyer se aandag toe op beskuldigde no 9 gevestig was nie. Ten aansien van hierdie verskille het Meyer weens die wyse waarop hy en Hattingh op die vlug geslaan het soos voormeld, klaarblyklik n beweegrede gehad om die verloop van sake by die oorledene se huis voordat hy daarvan vertrek het ietwat te versag. Die voormelde omringende omstandighede en hul versteurende aard kan egter ook die verskille tussen hul getuienis op hierdie aspekte verklaar. Die hof was bewus van sekere ander verskille tussen die getuienis van Nelani en sekere ander staatsgetuies, o.a. Betty en ook sersant Meyer (maar in laasgenoemde geval op n onbelangrike aspek). In weerwil daarvan is Nelani se getuienis aanvaar. Die aspekte waarop hy weerspreek en gestaaf is deur Betty moet ook gesien word teen die agtergrond van die hof se bevinding dat sy nie op haar eie n betroubare getuie was nie.

Staving deur haar kon gevolglik nie 'n gewigtige faktor gewees het by die hof se aanvaarding van Nelani se getuienis nie. Nelani is deur beide Meyer en beskuldigde no 9 gestaaf dat laasgenoemde vanuit 'n systraat tevoorskyn gekom het, en Meyer staaf hom verder dat beskuldigde no 9 met kiere in die hand naby die voertuie gedans het. Nelani is ook deur Meyer gestaaf aangaande die aanvanklike grootte van die skare. Die hof het in sy behandeling van Nelani se getuienis pertinent melding daarvan gemaak dat hy getuig het dat die skare wat beskuldigde no 9 gevolg het klippe gedra het. Na 'n oorsig van Nelani se getuienis as 'n geheel het die hof die volgende t.a.v. hom opgemerk. "Judging Constable Nelani's evidence as a whole, we find no reason to disbelieve him."

Die skuld of onskuld van beskuldigde no 9 op die tweede aanklag moet derhalwe bepaal word op die voormelde getuienis van sersant Meyer en konstabel

Nelani, tesame met die bevinding dat sy verontskuldigende weergawe van die gebeure vals is. Dit is moontlik (soos meeste dinge in die lewe moontlik is) dat hy nie die geweld teen die oorledene se huis aangestig het nie en dat hy in weerwil van sy vroeëre en latere optrede, tydens daardie geweldpleging slegs 'n toeskouer daarvan was. Maar onder die omstandighede is so 'n moontlikheid, myns insiens, gering, en is dit nie in die minste waarskynlik dat dit wel die geval was nie. Vgl. MILLER v MINISTER OF PENSIONS 1947 (2) All ER 372 (KBD) op 373H.

By toepassing van die benadering neergelê in R v BLOM 1939 AD 188 op 202-293, is die enigste redelike afleidings wat gevolglik gemaak kan word van die feite deur die oorblywende staatsgetuienis bewys, die volgende.

Toe beskuldigde no 9 by die bakkie gekom het en in die kajuit daarvan ingeloer het, het hy Betty Nkumbi herken en besef dat die polisie besig was om haar met iets by te staan, wat weens die teenwoordigheid van die bakkie

waarskynlik n verhuising na die tentedorp was. Hy het nie genoeë daarmee geneem nie en toe sy fluitjie geblaas om n skare op te roep om na die oorledene se huis te gaan. Sy kerie het hy geswaai as aanhitsing van die groep wat reeds naby hom was. Hy het daarin geslaag om n skare van onbepaalde grootte byeen te bring en het hulle langs die systraat na die oorledene se huis in Jupiterstraat gelei. Hy het voor hulle uit gedans en kerie geswaai om hulle steeds aan te hits. Hy het weens die sing van die vryheidsliedere deur die skare en die openlike dra van klippe, geweet dat hulle met kwade bedoelings na oorledene op pad was. Dat hy daarmee saamgestem het en hulle steeds daarmee aangehits het, blyk uit die feit dat hy na aankoms by oorledene se huis steeds sy kerie geswaai het en gedans het. Met sy aankoms het die skare vinnig aangegroei en het die skare so dreigend geword dat Meyer en Hattingh uiteindelik op die vlug geslaan het. Op daardie oomblik het die geweld

losgebars, eers teen die polisie in die Landrover en toe teen die oorledene se huis en persoon. Dit was beskuldigde no 9 en ten minste 'n deel van die skare se gemeenskaplike doel om oorledene se huis aan te val en aan die brand te steek, en hy het ter uitvoering van daardie doel vir hulle aangehits om dit te doen. Al het hy self nie aan die aanslag op oorledene se huis deelgeneem nie, is hy nogtans as medepligtige skuldig op klag 2 aan openbare geweld. Vgl. S v WILLIAMS 1980 (1) SA 60 (A) op 63.

Die kernvraag op die moordklag is insgelyks of die verhoorhof se aanvaarding van William en Nelani se getuienis staande kan bly. Sekere opmerkings en bevindings van die hof t.a.v. Nelani se getuienis is reeds hierbo aangehaal. Daarbenewens, en spesifiek m.b.t. die moordklag, het die hof ook die volgende oor hom gesê:

"If Nelani wanted falsely to implicate anybody,

one would expect him to implicate all the accused. His evidence regarding the assault on deceased by accused no 9 with his kirie is to a certain extent corroborated by the medical evidence. Dr Basson found bruises on the deceased's shoulders, hands and limbs and said that some of these wounds indicated that the deceased fended off blows. It might, of course, also have happened whilst lying on the ground. ...

We accept his evidence and also that he saw the crowd chasing the deceased, whom however, he did not recognise. At that time he also saw the Landrover leaving the township at a high speed. There is no reason for Nelani to invent this story."

Oor William het die verhoorhof die volgende gesê:

"William Nkumbi was, in our opinion, an impressive witness both as to demeanour and to the content of his evidence. He never contradicted himself and never evaded questions. We do keep in mind that he is far better educated than the other witnesses; and for that matter also the accused. His evidence was criticised by Counsel in the following respects:

He said at one stage all six of the accused he mentioned threw stones, although he named seven of them. He did not see Betty at the scene and, according to her, she was there. He did not see the assault with the kirie testified to by Constable Nelani when William and deceased fled. He attributed words to accused

no 2 of which no mention is made in the Further Particulars. He also hesitated before naming accused no 1 as an assailant.

As to the last aspect, he explained that he had to recollect because it happened a long time ago. If he wanted to falsely implicate accused no 1 as suggested, to hesitate would be the last thing an intelligent person like him would have done. His answer both to the Court and in cross-examination sounded totally credible.

The fact that the words used by accused no 2 are not in the Further Particulars may be due to an incomplete statement and William said that much. There is no reason not to believe him.

The fact that he did not see the assault with the kierie or see Betty at the scene is totally understandable. He did not even notice that he himself had been wounded. Had there been any conspiracy, he could easily have given more detailed evidence. He could easily have included all the accused or said that accused no 3 stabbed the deceased. He identified accused no's 1, 2, 3, 6, 7, 8 and 9 at the scene of the killing. I may just mention that at one stage during his evidence-in-chief there was a power failure in court. This occurred just after his evidence that accused no 2 shouted "Kill Botha's dog". The next sentence, according to my notes started with "No 6". The court then adjourned. When we reconvened, he continued with his evidence where he said "all those threw stones whilst deceased was lying on the ground."

William had limited time to make his

identification. Then again, he knew all the accused. There is nothing to suggest that the light was not good. Towards the latter stages of the assault the crowd may have obscured his view but his identification took place during the early stages of the final assault. The people he identified were the first to arrive."

Die volgende is betekenisvol bygevoeg:

"We accept William's evidence that accused no 2 said 'Kill Botha's dog' ...

I may say that William made such a good impression on us that his evidence even standing alone, would have been sufficient identification of the culprits."

T.a.v. William se identifisering van beskuldigde no 8 het die hof dít gesê:

"Betty and William identified him at the scene of the killing. His appearance on the scene was so dramatic that his identification cannot be due to a mistake. Once again it is most improbable that William and Betty would dish up this story to get him involved and deliberately implicate the innocent person instead of the real culprit. No reason for this false evidence could be suggested by accused no 8. We found none. On the evidence as a whole, we find that his version is false and that of Betty and William true."

Weens die hof se voorgaande opmerking oor die

aanvaarbaarheid van William se alleenstaande getuienis en die vorige opmerkings oor Betty as getuie, doen die bybring van Betty in hierdie passasie nie afbreuk aan die hof se aanvaarding van William se identifisering van beskuldigde no 8 nie.

Weens die voormelde vloeibaarheid en snelle verandering van die situasie gedurende die agtervolging van oorledene is die feit dat Nelani nie vir William gewaar het nie toe hy gesien het hoe beskuldigde no 9 die vlugtende persoon met die kiere slaan, nie 'n weerspreking van William nie. Nelani het die gebeure vanuit 'n ander hoek as William waargeneem en sy aandag was gevestig op die persoon wat die slaanwerk gedoen het. Die voorkoms van die agtervolgende skare en die samesmelting van die groot groep met die kleine, is insgelyks nie onvereenselwigbaar met William se getuienis nie, en wel om die voormelde redes. William was ook immers aan die wegvlug en sou nie deurlopend kon sien wat

agter hom aan die gang was nie. Daar moet ook nie uit die oog verloor word nie dat Nelani dié gebeure waargeneem het toe beskuldigde no 9 nog ±150 treë weg was van die plek waar die oorledene uiteindelik geval het. In so 'n distansie kan die verhouding van agtervolgers tot agtervolgdes merkbaar verander. Die verskyning van die Landrover is onder die omstandighede ook geensins onvereenselwigbaar met die waarheid van Nelani se betrokke getuienis nie. Daar is na my mening geen rede om in te meng met die verhoorhof se aanvaarding van William en Nelani se getuienis op die moordklag nie. Daar kan onder die omstandighede geen redelike twyfel wees dat dit die oorledene was wat deur beskuldigde no 9 met die kiere te lyf gegaan is soos deur Nelani beskryf nie.

Dit is gevolglik 'n redelike twyfel bewys dat beskuldigdes 1, 2, 3, 6, 7, 8 en 9 almal die oorledene daadwerklik aangerand het op die plekke en wyse deur William en Nelani beskryf. Die feit dat die dodelike

verwonding van oorledene sekerlik na die aanvanklike aanranding deur die beskuldigdes geskied het, en waarskynlik deur ander agtervolgers toegedien is, doen nie afbreuk aan die aard van die beskuldigdes se daed nie. Beskuldigdes 1, 2, 3, 6, 7 en 9 was almal deel van die skare by oorledene se huis en alhoewel no's 1, 2, 3, 6, 7, en moontlik ook no 9, nie fisies aan die aanval daarop deelgeneem het nie, het hulle oorledene agterna gesit toe hy op die vlug geslaan het, en was hulle saam met beskuldigde no 8 die eerstes wat hom te lyf gegaan het. Beskuldigde no 8 het die vlugtende oorledene en William sien aankom, klaarblyklik gehoor hoe die agtervolgers skree dat "die impimpi" gestop moet word, en oorledene toe terstond met 'n klip neergevel. Daarna het hy na die neergevelde en weerlose oorledene gegaan en hom verder aangerand. Die beskuldigdes en die ander aanranders het almal binne 'n baie kort tydjie aan die aanranding op oorledene deelgeneem ter uitvoering van 'n

gemeenskaplike doel (wat in die geval van al die beskuldigdes, en veral in dié van no 8, pasgebore was) om hom dood te maak. Die beskuldigdes is gevolglik korrek as daders skuldig bevind op klag 1.

Die geheel-aanvaarding van konstabel Nelani se getuienis het 'n verdere betekenisvolle gevolg. Daardeur is die voormelde afleiding dat beskuldigde no 9 'n hoof aanstigter van die geweld was, versterk en is die verdere en enigste redelike afleiding van die bewese feite dat hy deurgaans 'n aanstigter daarvan was, en by die aanranding op die oorledene ook 'n dader, en fisiese voorbok, was.

Die verhoorhof se bevinding dat daar t.a.v. beskuldigdes 1, 3, 8 en 9 geen versagtende omstandighede was nie, was gegrond op die hele corpus van gelewerde getuienis. Daardie corpus is nou wesenlik verander met die uitskakeling van Betty en Charlotte se getuienis. Dit bring mee dat in die gevalle van beskuldigdes 1, 3 en

9 die grondslag van die verhoorhof se bevinding wesenlik anders was as dié waarop die kwessie van versagtende omstandighede nou deur hierdie Hof t.a.v. hulle oorweeg moet word. Op sterkte van Betty en Charlotte se getuienis het die verhoorhof bevind dat dié drie beskuldigdes deelgeneem het aan die aanval op oorledene se huis, en het dit teen hulle in ag geneem by die bevinding dat daar in hulle gevalle geen versagtende omstandighede was nie. Daardie oorweging het nou weggeval. In die geval van beskuldigde no 8 het die feitegrondslag van die verhoorhof se bevinding egter nie wesenlik verander nie. Betty en William se getuienis was in sy geval in alle materiële opsigte dieselfde. Die uitskakeling van Betty se getuienis het gevolglik, wat hom betref, geen effek gehad nie. T.a.v. beskuldigde no 8 geld die benadering van hierdie Hof derhalwe wat soos volg herbevestig is deur Diemont AR. in S v MKHONZA 1981

(1) SA 959 (A) op 963 E-H:

"As has been said many times, the jurisdiction of the Appeal Court is strictly limited; unless it is shown that there has been a misdirection, or irregularity or that the finding, viewed in the light of all the evidence, is of such a nature that it could not reasonably have been arrived at, the judgment of the trial Court must stand. In S v NELL 1968 (2) SA 576 (A) at 580 Ogilvie Thompson JA. stated:

'It must again be emphasised that the decision as to the existence or otherwise of extenuating circumstances is, in the first instance, essentially one for the trial Court. It is well established that, in the absence of any misdirection or irregularity, this Court will not interfere with a trial Court's finding as to the non-existence of extenuating circumstances unless that finding is one to which no reasonable Court could have come. (S v MALINGA AND OTHERS 1963 (1) SA 692 (A) at 695; S v SAAIMAN 1967 (4) SA 440 (A) at 441.)'

Waar hierdie Hof die kwessie van versagting moet benader op 'n stel feite wesenlik anders as dié waarop die verhoorhof dit gedoen het, kan voormelde benadering egter uiteraard nie sonder meer toegepas word nie. In so 'n

geval sal hierdie Hof nog moet besluit of die verhoorhof korrek was met sy bevindings t.a.v. die getuienis wat nie uitgeskakel is nie. In daardie opsig geld die gewone benadering van hierdie Hof tot sulke bevindings.

(Daardie benadering is behels in wat Diemont AR. gesê het in die eerste deel van die bogaande aanhaling.) Maar hierdie Hof sal nietemin tot sy eie (d.w.s. nuwe) bevinding moet kom of daar op die aanvaarde oorblywende en enige bykomstige getuienis bewys is aldan nie van versagtende omstandighede.

In die onderhawige geval moet die vraag t.a.v. versagtende omstandighede nou benader word op die grondslag dat beskuldigdes 1 en 3 in geen opsig betrokke was by die aanval op die oorledene se huis nie. Dit moet aanvaar word dat hulle aanvanklik slegs toeskouers was en hulle weerhou het van enige geweldpleging. Dit moet ook aanvaar word dat hulle twee by die agtervolging en aanranding op die oorledene betrokke geraak het eers toe

die skare hom begin agtervolg het nadat hy op die vlug geslaan het. Wat het hulle skielik daartoe beweeg? Geeneen van die beskuldigdes het getuig by die ondersoek na versagende omstandighede nie. Die morele verwytbaarheid van al vier die betrokke beskuldigdes moet egter beoordeel word teen die reeds gemelde erkende toestand van verdeeldheid en onderlinge spanning en vyandigheid wat destyds in hul gemeenskap geheers het, en dat hulle en die oorledene aan teenoorgestelde kampe behoort het. Dit kan na my oordeel nie betwyfel word dat daardie toestand op al vier van hulle ingewerk het nie, al was dit dan ook op verskillende wyses. Dat 'n jeugdige soos beskuldigde no 1 (wat, soos reeds gemeld, toe slegs 18 jaar en 10 maande oud was), en 'n jong persoon soos beskuldigde no 3 (wat toe 21 was), besonder vatbaar was vir beïnvloeding deur die destyds heersende strominge in hul gemeenskap val nie te betwyfel nie. Net toe die oorledene begin wegvlug het was daar persone in die skare

wat geskree het dat hy agtervolg moet word. Daar is geen bewys dat beskuldigdes 1 en 3 van diegene was wat só geskree het nie. Dit moet gevolglik aanvaar word dat dit ander persone in die skare was, maar ook dat dit ten aanhore van dié twee beskuldigdes geskied het. Weens die feit dat dit aanvaar moet word dat beskuldigdes 1 en 3 hulle tot op daardie stadium van enige geweldpleging weerhou het, is dit na my mening minstens hoogs waarskynlik dat hulle deur die optrede van ander persone en op die ingewing van die oomblik, beweeg was om aan die agtervolging van, en dodelike aanranding op die oorledene mee te doen. Onder daardie omstandighede kan daar geen sprake wees van innerlike boosheid by beskuldigde no 1 nie, soos deur die verhoorhof op ander feite bevind was. (Dit is nie nodig om nou enige kommentaar te lewer op die korrektheid aldan nie van daardie bevinding nie.) Sy jeugdigheid, met die daarmee gepaardgaande onvolwassenheid en die toestand van beïnvloeding en

opwinding waaronder hy op die ingewing van die oomblik meegedoen het aan die moord op die oorledene, het na my oordeel sy geestesvermoëns en gemoedstoestand op so 'n wyse en tot so 'n mate subjektief beïnvloed dat sy optrede t.a.v. die dood van die oorledene daardeur volgens objektiewe beoordeling wesenlik minder laakbaar en verwytbaar geword het. (S v MONGESI EN ANDERE 1981 (3) SA 204 (A) op 207 G.) Daar is na my oordeel gevolglik versagtende omstandighede in sy geval. Wesenlik geld dieselfde oorwegings t.a.v. beskuldigde no 3, al is dit in effe minder mate gesien die feit dat hy, alhoewel nog jonk, meer as 2 jaar ouer as beskuldigde no 1 is. Ook in sy geval is ek derhalwe van mening dat die bestaan van versagtende omstandighede bewys is op die tereg aanvaarde oorblywende staatsgetuïenis en die reeds genoemde erkende en onbetwiste feite.

Dit is moeilik om te bepaal wat die verhoorhof se gronde vir die bevinding t.a.v. beskuldigde no 8 was

omdat daar nie in die uitspraak op versagting spesifiek met sy geval gehandel is nie. Na my mening is dit egter duidelik dat die hof homself wesenlik wanvoorgelig het deur sekere belangrike oorwegings spruitende uit die bewese feite uit die oog te verloor en gevolglik verkeerdelik bevind het dat daar in sy geval geen versagtende omstandighede was nie. Daardie oorwegings is die volgende. Daar is geen suggestie dat beskuldigde no 8 ooit deel was van die skare by die oorledene se huis nie. Dit moet derhalwe aanvaar word dat hy hom per toeval bevind het op die oorledene en William se vlugroete. (D.w.s. op die verkeerde plek op die verkeerde tyd.) Dit is uit wat reeds hierbo uiteengesit is, duidelik dat hy op die ingewing van die oomblik gehoor gegee het aan die agtervolgers se uitroepe dat die vlugtende impimpi gestop moet word, en die oorledene toe aangerand het soos reeds beskryf. Weens die gebruik van die woord "impimpi" het die bestaande situasie van

spanning en verdeeldheid hoogs waarskynlik toe ook terstond op sy gemoed ingewerk. Weens hierdie oorwegings is beskuldigde no 8 se morele verwyttbaarheid ook wesenlik verminder en bestaan daar gevolglik ook in sy geval versagtende omstandighede.

Beskuldigde no 9 was reeds 'n volwasse op 24 Desember 1985. Weens sy ouderdom en sterk, aggressiewe, persoonlikheid was hy gevolglik minder vatbaar vir beïnvloeding deur andere en deur omstandighede as sy jeugdige mede-beskuldigdes. Hy was ook nie, soos beskuldigde no 8, onverwags by die geweldpleging op die oorledene betrek nie en het nie soos hy op die ingewing van die oomblik gehandel nie. Sy geval verskil gevolglik wesenlik van die van sy mede-beskuldigdes, ook wat die kwessie van versagtende omstandighede betref. Daarom is dit nodig om, wat hom betref, oorweging te skenk aan die getuienis van mev Rasmeni, prof Manganyi en dr Simpson. Mev Rasmeni het op grond van haar kennis van die

plaaslike omstandighede, oor die destydse situasie in Kwezi getuig maar was ooglopend partydig vir die beskuldigdes en het haarself dikwels aan growwe oordrywing skuldig gemaak. Die volgende is o.a. van haar gesê in die hof se bevinding t.a.v. versagtende omstandighede:

"The second witness was Mrs Evelyn Rasmeni a resident and teacher in Kwezi. She was a member of the executive committee which took over after the community council resigned. At the outset it should be stated that she did not impress us as a witness at all. Her testimony is one-sided and in conflict with evidence led during the trial. Her evidence that the people living in the 'tents' labelled themselves as 'impimpi' is so improbable that it cannot be accepted, also her evidence that everybody in the township regarded themselves as 'comrades'. The Nkumbi's who gave evidence during the trial certainly did not."

Daardie is geregverdigde opmerkings en ek gaan daarmee akkoord.

Prof Manganyi en dr Simpson het elk 'n geskrewe verslag opgestel (bewysstukke N2 en O onderskeidelik) en

het hul getuienis grootliks op hul respektiewe verslae gegrond. Hulle is albei breedvoerig daarop kruisondervra, maar dit is nie nodig vir doeleindes van hierdie uitspraak om in detail daarmee te handel nie.

Hul onderskeie *curricula vitae* en akademiese kwalifikasies (o.a. op die gebiede van sielkunde en psigiatrie) is indrukwekkend, en elkeen is ongetwyfeld hoogs gekwalifiseerd op sy vakgebied. Albei het hulself d.m.v. konsultasies, en in dr Simpson se geval, ook deur die lees van die getuienis by die verhoor gelewer, vergewis van die destydse onrus-situasie en van die omstandighede wat toe in Kwezi geheers het. In daardie mate het hulle n feitebasis vir hul menings bekom. Maar die beskuldigdes het steeds aan hulle ontken dat hulle enigsins by die geweldpleging betrokke was. Selfs met die bybring van die situasie in Kwezi en van die verdeeldheid wat tot die stigting van die tentedorp gelei het, was hul getuienis nietemin (en weens die

beskuldigdes se gemelde ontkenning, ook feitlik onvermydelik) grootliks van 'n algemene strekking, hoofsaaklik m.b.t. politieke en sosio-ekonomiese ongeregthede en die daarmee gepaardgaande vyandelikheid en gegriefdheid, die sielkunde en optrede van 'n skare, en die inwerking daarvan op die individu. Die feite waarop albei staatgemaak het is grootliks deur hulle van die beskuldigdes verkry tydens onderhoude. Baie van daardie feite is nooit in die getuienis tydens die verhoor op die meriete geopenbaar nie en baie daarvan was hoorsê. Baie van daardie feite is ook teenstrydig met die getuienis (o.a. dié van die beskuldigdes self) gelewer gedurende die verhoor, en ook teenstrydig met die feitebevindings wat die hof reeds op die meriete gemaak het. (So het beide bv. uitgegaan van die standpunt dat daar wydverspreide vyandigheid en gegriefdheid in Kwezi was teenoor die oorledene weens sy gedrag, terwyl die beskuldigdes dit in hul getuienis pertinent ontken het,

en benadruk het dat hulle destyds geen kwade gevoelens teen die oorledene gekoester het nie.)

In die uitspraak oor versagtende omstandighede is die volgende bondige opmerkings gemaak oor hul getuienis:

"Both Professor Manganyi and Dr Simpson's testimony is of a very general nature. They experienced the difficulty that the accused denied any participation in these crimes and could therefore not tell the experts what role they in fact played or what influences, if any, they were subjected to."

Sover dit strek kan daar nie met dié opmerkings fout gevind word nie. Maar dit het nie ver genoeg gegaan nie.

Die feit dat albei dié deskundiges hulle van die plaaslike omstandighede van verdeeldheid ens. vergewis het, is nie genoem nie. In daardie opsig was daar 'n mate van miskenning van die deskundige getuienis. Die effek van daardie getuienis t.a.v. beskuldigde no 9 moet nou oorweeg word. (Twyfel was ook deur dr Simpson uitgespreek oor beskuldigde no 9 se geestestoestand. Hy

was daarvoor na 'n inrigting gestuur vir deskundige waarneming. Dit was gevind dat hy normaal was, en daardie bevinding is nie betwis nie.)

Albei deskundiges was van mening dat die heersende omstandighede en die daarmee gepaardgaande effek van die skare se optrede, waarskynlik beskuldigdes no 9 se geestesvermoëns en gemoedstoestand tot só 'n mate beïnvloed het dat daar in sy geval (spes, volgens hulle, ook in dié van die ander beskuldigdes) versagende omstandighede bestaan het. Prof Manganyi het in sy verslag bv. o.m. die volgende gesê en in sy getuienis bevestig:

"With regard to behaviour in crowds, I make the point without further discussion that loss of self-monitoring capacity and by the same token moral judgement and restraint are well established consequences amongst participants in a crowd situation such as the one which resulted in the death of Mr Thozamile Nkumbi on 24 December 1985. However, I would like to provide the court with a broader conception which enables us to appreciate the larger forces which foster the emergence in a society,

of violence without moral constraint. I will attempt a coherent synopsis of this complex form of explanation.

In considering an atrocity such as the one involved in the killing of Thozamile Nkumbi, we need to ask why ordinary citizens become capable of such inhuman conduct - conduct lacking in moral restraint. ...

Kelman has demonstrated cogently that moralistic prejudices of the kind generally resorted to by the lay public are of little explanatory value. An example of an explanation using popular wisdom is one that says that participants in atrocities are individuals with psychopathic, antisocial and sadistic tendencies in their personality make-up. In his view: 'Any explanation that has recourse to the presence of strong sadistic impulses is obviously inadequate. There is no evidence to support the notion that the majority of those who participate in these killings, in one or another way, are sadistically inclined.' Indeed, also inadequate is the suggestion that high levels of frustration are sufficient in themselves to produce violent behaviour. The reality seems to be that frustration like deprivation creates a state of readiness in an individual which may result in violent behaviour given the co-existence of other psycho-social conditons. Conditions favourable to the perpetration of atrocities by ordinary, otherwise moral individuals, are deindividuation in crowd situations and what Kelman describes as authorisation, routinisation and

dehumanisation. Authorisation requires an institutional and ideological base. Law and order imperatives may be used as a source of authorisation and so can ideological differences such as those between rival political groupings such as those between supporters of civic associations and supporters of the community council system. ...

Routinisation is best understood as a form of progressive desensitisation of individuals in situations in which violence has become an everyday occurrence. The progressive transformation of gruesome occurrences into routine everyday occurrences often results in an associated insidious loss of moral sensitivity. ...

Victims and victimisers lose their capacity for moral restraint as a consequence of the phenomena of dehumanisation. What is commonly denied in the psycho-social economy of the atrocity producing environment is a common humanity between victim and victimiser. In the dehumanisation characteristic of such environments the victim's identity is substituted by an abstract category. ...

M'Lord and Gentlemen Assessors, I believe that the assessment of moral blameworthiness and by the same token of the existence or absence of extenuating circumstances cannot be undertaken responsibly and meaningfully outside the socio-political climate in which the atrocity at stake in this court was perpetrated. It would be a grave conceptual misunderstanding to think that what I am suggesting is the complete 'deindividualisation' of personal action and

moral judgment.

What is at issue, and this is of crucial importance, is that the processes described earlier have indeed become operative in our society as a consequence of the incremental impact of so much violence within a historically short period of time.

It is a matter of common knowledge that by 1985, violent struggles were taking place in town and country in most parts of South Africa. The Kwezi Black residential area in Hanover was no exception. ...

I am suggesting M'Lord and Gentlemen Assessors that an adequate accounting of extenuating circumstances under prevailing conditions requires that we also look beyond the individual. This suggested approach results in a two-barrelled focus in which both individual and contextual influences are taken into account.

The contextual factors in the case of the accused namely deindividuation, authorisation, routinisation and dehumanisation remain crucial to an assessment of the conduct of the accused during the tragic events of 24 December 1985."

In sy verslag (wat hy insgelyks in sy getuienis

bevestig het) sê dr Simpson o.a. die volgende:

"Twenty years ago, massive urban riots tore across America, and it is instructive to look back on the findings of the President's Commission on Civil Disorders after their major study of collective violence. They listed five

'powerful' factors as 'catalysts' of riots -

- a) frustrated hope (then related to the civil rights struggle)
- b) a climate heavy with 'approval and encouragement of violence'
- c) the frustration of feeling powerless to move the system
- d) a new mood (especially in the young) of 'self-esteem and enhanced racial pride'. and
- e) the view of the police as a symbol of 'white power, white racism, and white repression.'

The pattern in America two decades back is familiar in South Africa today. Some change in a long-resented repressive system led to hope - but the limited responsiveness of institutions leads to bitterness and frustration. ...

The crowd is very relevant in this case. People in crowds may behave very differently than they do when alone, including showing a much higher propensity for violence - such as the lynch mob. Le Bon stressed that people in a crowd 'infect each other with whatever emotion they feel ... hostility turns into murderous rage.' Once joining a crowd, a man can be 'induced to commit acts contrary to his most obvious interest and best known habits.

Social restraints on violence such as fear of retribution, and inner moral qualms, are less within a crowd. The perception of unity, by which it appears that all share the same resolve, helps each feel righteous; with less fear of personal consequences, a dilution of guilt and a diffusion of responsibility. It is

as if everyone can get a full share of the triumph, with a fractional share on the onus. ... The unpredictability of a crowd makes it hard for anyone to deliberately lead it. Rather prominent roles within the mob, as aggressor and as victim, may be thrust upon those who are in the wrong place at the wrong time."

Die algemene strekking van hierdie aanhalings is deur albei hierdie getuies tot 'n mate herlei na die destydse omstandighede in Kwezi. Maar hulle het nie behoorlik ag geslaan op die getuienis en bewese feite wat toe reeds vir 'n geruime tyd tot albei se beskikking was nie. Prof Manganyi het, bv., nie die getuienis gelees nie, en dr Simpson het, bv., in weerwil van konstabel Nelani se aanvaarde getuienis, van die standpunt uitgegaan dat die blaas van 'n fluitjie nie die wyse was waarop 'n skare destyds byeengeroep is nie.

In weerwil van dr Simpson se getuienis dat dit feitlik onmoontlik is om 'n skare te lei of doelgerig te beïnvloed, kan dit menslikerwys gesproke nie 'n universeel

geldende reël wees nie. Daar moet altyd gekyk word na die feite wat die aanvaarde getuienis in elke besondere saak openbaar. In die onderhawige geval is dit, soos reeds genoem, duidelik dat beskuldigde no 9 inderdaad deel van die skare opgeroep en na oorledene se huis gelei het. Dit is ewe duidelik dat hy, indien nie dié aanstigter nie, dan ten minste een van die hoof aanstigters van die geweldpleging was. Sy rol as leier het hy deurgevoer tot die eindstadium toe hy aan die spits van die agtervolgende skare was en die oorledene daadwerklik met sy kiere aangerand het. Alhoewel hy ook beïnvloed moes gewees het deur die situasie wat destyds in Kwezi geheers het, het hy daardie situasie, en die spanning wat daardeur veroorsaak is, doelbewus uitgebuit en vir sy eie doeleindes aangewend om geweld aan te stig. Hy was as't ware soos 'n blaasbalk wat die smeulende kole van onmin aangeblaas het tot die vlamme van moorddadige geweld. Sodoende het hy nie alleen die Nkumbi gesin nie,

maar ook die oorledene en sy mede-beskuldigdes in rampsoed gedompel. Daar was geen onreg wat die oorledene hom aangedoen het nie. Die wyse waarop hy die bestaande situasie uitgebuit het, het die morele verwytbaarheid en laakbaarheid van sy optrede vermeerder en nie verminder nie. Daar kan gevolglik geen sprake wees van versagtende omstandighede in sy geval nie, en die verhoorhof se bevinding moet derhalwe bly staan.

Weens die bevinding dat daar t.a.v beskuldigdes 1, 3 en 8 versagtende omstandighede is moet die vonnisse op klagte 1 aan hulle opgelê heroorweeg word. Die doodstraf is onder die omstandighede nie h gepaste vonnis nie. Die erns van hul misdaad verg egter dat h lang termyn van gevangenisstraf aan elk van hulle opgelê word. Beskuldigde no 1 was h eerste oortreder, maar beskuldigde no 3 het vier vorige veroordelings, drie aan diefstal en een aan "statutêre meineed". Hy het ook drie latere veroordelings, nl. besit van dagga, verset teen

arrestasie en brandstigting. Laasgenoemde veroordeling had betrekking op die afbrand van huise en daarvoor is h vonnis van 8 jaar gevangenisstraf aan hom opgelê op 20 Junie 1986. Daarvan is 2 jaar voorwaardelik vir 5 jaar opgeskort. Met inagneming van die feit dat hulle onder dieselfde omstandighede die moord gepleeg het maar dat beskuldigde no 3 twee jaar ouer as beskuldigde no 1 was en gemelde veroordelings het, meen ek dat 12 jaar gevangenisstraf h gepaste vonnis vir beskuldigde no 1 sal wees en 13 jaar vir beskuldigde no 3. Die strafwaardigheid van beskuldigde no 8 is heelwat meer as dié van beskuldigde no 3. Hy is heelwat ouer en was ook aan heelwat minder beïnvloeding blootgestel. Daarbenewens het hy vyf vorige veroordelings, waarvan drie weens aanranding was. In sy geval sal h vonnis van 15 jaar gevangenisstraf na my oordeel gepas wees.

Die vonnisse aan beskuldigdes 2, 6 en 7 opgelê moet egter ook heroorweeg word. Die hof het, soos reeds

genoem, net hulle ouderdomme in ag geneem by die ondersoek na versagtende omstandighede. In die bevinding daaromtrent is slegs die volgende t.a.v. hulle gesê:

"In the cases of accused no's 2, 6 and 7, having regard to all the circumstances, their prima facie immaturity is not disturbed, although we came to that conclusion with regard to accused no 2 with some reluctance."

Weens die onskuldigbevinding van beskuldigde no 6 deur die verhoorhof op die tweede aanklag was die destydse omstandighede wat hom betref dieselfde as dié wat nou op die oorblywende getuienis geld t.a.v. beskuldigdes 1 en 3, en was dieselfde reeds genoemde oorwegings aangaande versagtende omstandighede toe reeds op hom van toepassing. Die hof het daardie omstandighede destyds egter by vonnisoplegging misgekyk, en sodoende t.a.v. beskuldigde no 6 in hierdie opsig by die bepaling van sy strafwaardigheid 'n wesenlike wanvoorligting begaan omdat dié versagtende omstandighede ook strafversagtend is in die gewone sin. Beskuldigdes 2 en 7 is deur die

verhoorhof bestraf op 'n wesenlik ander stel feite as dié wat nou op die oorblywende getuienis aanvaar moet word en waarop hul strafwaardigheid nou herbepaal moet word. Beskuldigde no 6 het weliswaar een vorige veroordeling (diefstal), maar dit is tereg deur die hof buite rekening gelaat by vonnisoplegging. Wat die omstandighede t.a.v. die moord betref, verskil die gevalle van beskuldigdes 2, 6 en 7 nie wesenlik van dié van beskuldigde no 1 nie, in weerwil van beskuldigde no 2 se uitlating in die knelgreep van die oomblik. Ek meen derhalwe dat in hulle gevalle 'n vonnis van 12 jaar gevangenisstraf ook gepas sal wees. Wat betref die vonnis op klag 2 aan beskuldigde no 9 opgelê, is daar na my oordeel geen regverdiging vir inmenging nie. S v PIETERS 1987 (3) SA 717 (A) 727F-728G.

Ek sou derhalwe die volgende bevele gemaak het:

1. Die appèl van die vierde appellant (beskuldigde no 5) slaag en sy skuldigbevindings en vonnisse

op albei klagtes word tersyde gestel;

2. Die appèl van die agtste appellant (beskuldigde no 9) word van die hand gewys;

3. Die appèlle van eerste, tweede, derde, vyfde, sesde en sewende appellante (beskuldigdes 1, 2, 3, 6, 7 en 8) slaag gedeeltelik, en wel soos volg:

(a) Die skuldigbevindings en vonnisse van eerste, tweede, derde en sesde appellante (beskuldigdes 1, 2, 3, en 7) t.a.v. die tweede aanklag (openbare geweld) word tersyde gestel;

(b) Die appèlle van eerste, tweede, derde, vyfde, sesde en sewende appellante (beskuldigdes 1, 2, 3, 6, 7 en 8) teen hul skuldigbevindings op

die eerste aanklag (moord) word van

die hand gewys;

- (c) Die appèlle van eerste, derde en sewende appellante (beskuldigdes 1, 3 en 8) teen hul doodvonnisse op die eerste aanklag slaag. Daardie vonnisse word tersyde gestel en met die volgende vervang:

eerste appellant (beskuldigde no 1)

- 10 jaar gevangenisstraf;

derde appellant (beskuldigde no 3)

- 12 jaar gevangenisstraf;

sewende appellant (beskuldigde no 8)

- 15 jaar gevangenisstraf;

- (d) Die appèlle van tweede, vyfde en sesde appellante (beskuldigdes 2, 6 en 7) teen die vonnisse van 18 jaar gevangenisstraf aan elk van hulle

opgelê op die eerste aanklag slaag.

Daardie vonnisse word tersyde gestel

en vervang met vonnisse van 10 jaar

gevangenisstraf elk.

M T STEYN, AR.